

7 DIE WEG VAN DIE OPENBARING

Binne die konteks van humanisme en nominalisme volg Calvyn 'n eie weg teenoor die Skolastiek.⁶¹⁷ Die vraag na die verhouding tussen rasionaliteit en ervaring is vir Calvyn meer as 'n kenteoretiese probleem. Dit gaan vir Calvyn om die heil van die mens en daarvoor is die Openbaring van God nodig. By Calvyn is openbaring Godskennis en mensekennis ineen.⁶¹⁸

Calvyn en die reformasie se protes na twee kante toe, blyk duidelik uit die volgende aanhaling:

*'We now see in what way faith is by hearing, and yet it derives its certainty from the zeal and earnest of the Spirit. Those who do not sufficiently know the darkness of human minds imagine faith is formed naturally by hearing and preaching alone; and there are many fanatics who disdain the outward preaching, and talk in lofty terms about secret revelations and inspirations. But we see how Christ joins these things together, and therefore, though there is no faith until the Spirit of God seals our minds and hearts, still we must not go to seek visions or oracles in the clouds, but the word, which is near us, in our mouth and heart (Rom 10:8), must keep all our senses bound and fixed in itself.'*⁶¹⁹

Calvyn volg 'n eie weg teenoor die Skolastiek en teenoor die Franse humaniste. In sy brief aan koning Frans I, in die inleiding van sy *Institusie*, maak Calvyn die volgende opmerkings:

*Want die goddeloses het dit bereik dat die waarheid van Christus, as dit dan nie verdryf en verstrooid ten gronde sou gaan nie, begrawe en versmaad verborge sou bly...[A]l die vaders het dit eens van harte vervloek en eenstemmig verfoei dat die Heilige Woord van God deur die drogredenasies van sofiste verontreinig en in die rusies van 'dialektici' betrek word. Maar hou hulle aan die grense wanneer hulle in hulle hele lewe niks anders doen nie as om met eindelose twis en met skeldwoorde, meer as dié van die sofiste, die eenvoud van die Skrif in duisternis te hul en te verwar? As die Vaders nou opgewek word en die soort uitskellery sou aanhoor, wat hulle spekulatiewe teologie noem sou hulle nie kan glo dat die gesprek oor God handel nie!*⁶²⁰

⁶¹⁷ 'If we wish to be his disciples, we must unlearn everything we have learned apart from Christ. For example, our own pure instruction in the faith began with forgetting and rejecting the whole instruction of the papacy' (*Com. 2 Tim 3:14*)

⁶¹⁸ Ons verwys na *Inst I, 1, 1* en 2. 'Byna die volle eindtotaal van ons wysheid wat ons as die ware en grondige wysheid moet beskou, bestaan uit twee dele: kennis van God en kennis van onself. Hoewel die twee aspekte met baie bande aan mekaar verbind is, is dit tog nie maklik om te onderskei watter een van die twee aan die ander voorafgaan en hom voortbring nie. Want in die eerste plek kan niemand homself aanskou sonder om dadelik sy sintuie tot die aanskouing van God, in wie hy lewe en beweeg, te wend nie.' (*Inst I, 1, 1* : 113) 'Verder staan dit vas dat die mens nooit tot suiwer kennis van homself kom nie, tensy hy eers die aangesig van God aanskou het en uit die aanskoue van God tot 'n ondersoek van homself neerdaal.' (*Inst I, 1, 2* : 114) 'Gotteserkenntnis und Selbsterkenntnis bedingen einander.' Locher, G W 1964. *Testimonium internum: Calvins lehre vom Heiligen Geist und das hermeneutische Problem*. in Theologische studien, heft 81. Zürich: EVZ verlag,16.

⁶¹⁹ *Com. Joh, 15:27*.

⁶²⁰ Inleidende brief aan koning Frans I. (*Inst. I* : 91 en 102)

Die waarheid is begrawe onder ‘n klomp ingewikkelde en subtile argumente wat volgens Calvyn geen fundering in die Skrif het nie; argumente wat geen waarde vir die verlossing van die mens het nie. Calvyn verwys veral na die metode van die formele logika met sy sillogismes. Deur middel van sillogismes en logika, probeer die teoloë die onbegryplike misterie van Christus verklaar; hulle voeg by, by die eenvoud van die Skrif en daarin wyk hulle af van die Skrif.

Teenoor die skolastiek sluit Calvyn se verstaan van kennis aan by die meer humanistiese verstaan van ‘*pietas*’ as ‘*sapientia*’, of ‘*sancta eruditio*’. Dit word vergestalt in die hele samestelling en opset van die *Institusie*.⁶²¹ Reeds die opskrif van die eerste boek van die Institusie, wat handel oor die kennis van God, toon ‘n verskil in uitgangspunte. Calvyn begin by die ‘kennis’ van God en nie die ‘wese’ of ‘bestaan’ van God nie. Dit impliseer dat die openbaring van God sentraal staan in die struktuur en inhoud van Calvyn se teologie. Daarom handel boek I van die *Institusie* oor die skeppingsaktiwiteit van God en nie hoe God in Homself is nie; die vraag wat prominent was in die skolastiese teologie.⁶²² Dit kom verder na vore in die wyse waarop Calvyn selfkennis en Godskennis verbind: ‘*Byna die volle eindtotaal van ons wysheid wat ons as die ware en grondige wysheid moet beskou, bestaan uit twee dele: kennis van God en kennis van onself.*’⁶²³ Hierdie intieme samehang van Godskennis en selfkennis word in die Franse uitgawe van die *Institusie* van 1560 nog sterker gestel, naamlik dat ons deur God te ken, ook onself ken.⁶²⁴ Teologiese kennis is lewende ervaringsmatige kennis gegrond in die Woord van God.⁶²⁵ Vir Calvyn is die Woord van God ‘n gebeurde, ‘n ingreep van God in ‘n mens se lewe, ‘n Woord wat nie net verlig deur sy onderwysing nie, maar verander deur sy skeppende mag.⁶²⁶

⁶²¹ Die idee van ‘n ‘Institusie’ het ‘n lang geskiedenis vanaf Lactianus tot by Erasmus en Calvyn. Twee belangrike elemente van ‘n ‘Institusie’ is onderrig en apologie. (Battles 1969:1: xxxi, n. 3) Richard verwys na die invloed van die klassieke in Calvyn se *Institusie*. Calvyn verwys veral na Cicero. Die logika van die *Institusie* is die van retorika nie sillogisme nie, daarom ‘n sekere voorliefde vir beelde en personifikasie. (Richard 1974:147) Bouwsma meen die denke van die Humaniste neem ‘n sentrale plek in Calvyn se denke in. ‘His humanism was thus not merely peripheral... to his achievement, as has commonly been supposed. It was crucial to his thought.’ Bouwsma, W J 1987. John Calvin: a sixteen century portrait. 113. Bouwsma stel Calvyn voor as intellektualis en humanis (op cit 230); Calvinisme bestaan eintlik uit ‘n mengsel van beide. (op cit 233)

⁶²² Die opskrif lui: ‘Kennis van God, die Skepper.’ (*Inst.* I:113)

⁶²³ *Inst.* I, 1, 1:113. In die 1536 uitgawe word verwys na die somtotaal van die *doctrina*, terwyl die 1559 uitgawe verwys na ‘*sapientia nostra*’.

⁶²⁴ *Inst.* I:113 n 4. In die tyd van die Renaissance kom daar ‘n verskuiwing ten opsigte van die siening van ‘wysheid’, of ‘*sapientia*’. In plaas van ‘n intellektuele deug word die klem geplaas op wysheid as etiese deug, ook wysheid as geopenbaarde kennis in ‘n Christelike sin. Die soeke na waarheid gaan saam met die soeke na die goeie. Wysheid gaan saam met selfkennis en kan beskryf word as opregtheid in aksie; ons kan sê wysheid word verbind met ‘*pietas*’. Ons kan dus wel sê daar kom ‘n groter klem op die ‘ervaringsmatige’ dimensie van kennis, veral ook ons kennis van God. Petrarch se gedagte van wysheid: ‘Wisdom had the responsibility, not merely of demonstrating the truth of given realities, but of directing people to a better life.’ (Richard 1974:92)

⁶²⁵ die Humaniste staan ‘n *theologia rhetorica* voor. Hiermee staan Calvyn in lyn met die Humaniste wat ‘n ‘*theologia rhetorica*’ voorgestaan het. ‘For humanists, in short, language was power.’ (Bouwsma 1987:230). Dit moet ‘n wysheid met oortuigingskrag wees en vandaar die klem op die geskrewe en gesproke woord.

⁶²⁶ ‘Calvin has such an exalted view of the importance of preaching in the church and world that he regards the Word of God as always mighty in power to effect what God promises or commands, even though that Word may be

Wat die *'theologia rhetorica'* kort gekom het was 'n leer van die Heilige Gees.⁶²⁷ By Calvyn het ons te doen met 'n kragtige leer oor die Heilige Gees grotendeels afkomstig van Bucer.⁶²⁸ Die Heilige Gees verlig die mens sodat hy die waarheid, geopenbaar in die Skrif, verstaan.⁶²⁹ Calvyn gebruik dikwels die woorde *'persuasio'*, *'notitia'* en *'sensus'* vir die werking van die Heilige Gees in die mens.⁶³⁰ Hierdie inwendige getuienis van die Heilige Gees beskryf Calvyn ook met die term *'sentire'*, soos blyk uit die volgende aanhaling:

John then takes this principle for granted, that the knowledge of God is efficacious. He then concludes that they by no means know God who keep not his precepts and commandments. Plato, though groping in darkness, yet denied that the beautiful which he imagined could not be known without filling man with the admiration of itself; so he says in his Phaedrus and in other places. How then is it possible for you to know God and to be moved by no feeling? Nor does it indeed proceed from God's nature, that to know him is immediately to love him. But the Spirit also illuminates our minds, inspires our hearts with a feeling conformable to our knowledge. At the same time the knowledge of God inspires us to fear him and to love him. For we cannot know him as Lord and Father as he shows himself without being dutiful children and obedient servants. In short, the doctrine of the gospel is a lively mirror in which we contemplate the image of God and are transformed into the same

uttered through the frail human words of the preacher. God's Word cannot be divorced from His action.' Wallace, 1957. *Calvin's Doctrine of Word and Sacrament*. Michigan: WM. B. Eerdmans, 87-88. In sy kommentaar op Joh 1 verduidelik Calvyn sy verstaan van die Woord van God. Hy vertaal 'die Woord' met 'redevoering' eerder as 'logos'. Want 'logos' 'does not apply so well. It means, no doubt, definition, and reasoning, and calculation; but I am unwilling to carry the abstruseness of philosophy beyond the measure of my faith.' (*Com. Joh. 1:1*) Die Woord van God is dinamies, nie bloot die definisie van God nie. Die tweede persoon van die Triniteit is die 'redevoering' van God. God openbaar Homself aan die mens en maak sy wil duidelik. Die Woord van God het die mag om tot stand te bring wat dit bedoel. 'And he is to so rule as to smite the whole earth with the mere rod of His mouth and break them in pieces like a potter's vessel.' (*Letter to King Francis I, C O. 1, 12*)

⁶²⁷ Die *theologica rhetorica* mis 'n teologie van ervaring soos by Juan de Valdes en Ignatius van Loyola. In die *Enchiridion* van Erasmus is die Heilige Gees afwesig; Die Heilige Gees is veral verstaan teenoor die vlees en die uiterlike; die Heilige Gees speel geen rol ten opsigte van die vraag na die kennis van God nie. (Richard 1974:150) 'en dat dit ons nie geoorloof is om dit aan bewysvoering en redenasies te onderwerp nie. Tog verkry dit die sekerheid wat dit onder ons verdien, uit die getuienis van die Gees.' (*Inst. I, 7, 5:160*)

⁶²⁸ Richard verwys na die belangrike rol wat Bucer in die ontwikkeling van Calvyn se teologie gespeel het, in sy hoofstuk oor gebed, veral ten opsigte van die Heilige Gees. Hy verwys na die werk van W.P. Stephens, W P 1970. *The Holy Spirit in the Theology of Martin Bucer*, Cambridge, 196-208.

⁶²⁹ 'Wanneer ons die geloof *kennis (cognitionem)* noem, verstaan (*comprehensionem*) ons nie daaronder sintuiglike waarneming in die sin waarin 'n mens gewoonlik dinge waarneem nie. Want dit is soveel verhefener dat die mens se verstand homself moet oortref en oorwin om dit te bereik. Want selfs wanneer die mens se verstand dit wel bereik, begryp hy nog nie wat hy waarneem (*sensit*) nie. Wanneer hy egter oortuig is van iets wat hy nog nie begryp nie, begryp hy juis deur die sekerheid van sy oortuiging meer as wanneer hy met sy begripsvermoë iets mensliks sou kon deurgrond. ... 'Hulle weet dit inderdaad met sekerheid maar is daarin eerder deur die oortuiging van God se waarheid versterk as wat hulle deur 'n bewys van die rede daarin onderrig is.' (*Inst. III, 2, 14*)

⁶³⁰ Die Gees se oortuiging op grond van die Skrif word as volg beskryf. 'Dit is 'n oortuiging wat nie redenasies nodig het nie. Dit is kennis waarby die hoogste rede hom neerlê; 'n kennis waarin die verstand met groter veiligheid en bestendigheid kan berus as in enige redenasie. Kortom, dit is 'n gevoel wat net uit hemelse openbaring kan bestaan.' (*Inst. I, 7, 5, 161*)

*as Paul teaches us in II Cor 3:18. 'Where, therefore, there is no pure conscience, nothing can be but an empty phantom of knowledge.'*⁶³¹

Calvyn gebruik die term *sentire* wanneer hy oor die werk van die Heilige Gees praat: '*So deel ons deur Hom in God, sodat ons op die een of ander wyse sy lewendmakende krag teenoor ons ervaar. (sentire)*'⁶³²

Die '*theologia retorica*' kon nie die ervaringsmatige en direkte kennis van God akkommodeer wat Juan de Valdes en Ignatius van Loyola voorgestel het in terme van '*sentire*' nie. Calvyn beklemtoon, meer as Luther, die belangrikheid van die Heilige Gees, tog skei hy die werk van die Heilige Gees nie van die Woord nie. Hy beskou nie die Heilige Gees as openbaarder van nuwe waarhede nie. Die werk van die Heilige Gees is nie bedoel om die openbaring in die Skrif aan te vul of te bowe te gaan nie, wel om dit outentiek te maak.⁶³³ Ware kennis van God word gekommunikeer deur middel van 'n goddelike spanpoging tussen Woord en Gees. Dit wil sê die Woord en die Gees mag nooit geskei word nie.⁶³⁴

Beide bronne van ons kennis van God beklemtoon die openbaringskarakter.⁶³⁵ Calvyn se teologiese weg kan daarom in die volgende woorde van Richard opgesom word.

*Theology is not the satisfaction of the intellect. It is a doing. Calvin did not ask questions about God; he let himself be questioned by God's Word. The theologian is a man in continual dialectical relationship between the Word and the Spirit; he is sent from the Word to the Spirit and the Spirit to the Word. For it is not man who, under the influence of faith, seeks to understand God's mysteries; it is God himself who reveals and unveils himself in order to save man. There is no autonomous role in theology for reason. Calvin know of no ratio theologica specific in itself and capable through faith of penetrating the mysteries.*⁶³⁶

⁶³¹ Com. 1 Joh 2:3

⁶³² Om die teenwoordigheid van God te ervaar '*sentire*' is 'n uitdrukking wat Calvyn dikwels gebruik. '*So deel ons deur Hom in God, sodat ons op die een of ander wyse sy lewendmakende krag teenoor ons ervaar (sentire)*' (*Inst. I, 13, 14, 232*) '*Want daarin sien en raak 'n godvresende gemoed byna aan God asof sy teenwoordig is, wanneer dit ervaar dat dit verkwik, verlig, bewaar, geregverdig en geheilig word.*' (*Inst. I, 13, 13, 231*)

⁶³³ Com. Joh. 15:27. Calvyn sien die Heilige Gees nie as 'n Openbaarder van nuwe waarhede nie.

⁶³⁴ '*... dat ons nie groot sekerheid oor die Woord het nie tensy dit deur die getuienis van die Gees bekragtig word. Want die Here het met 'n wedersydse band die sekerheid van sy Woord en Gees aan mekaar verbind. Sy doel daarmee was dat 'n onwrikbare eerbied vir die Woord ons harte mag beset wanneer die Gees, wat ons die aangesig van God daarin laat sien, ons bestraal; en sodat ons op ons beurt sonder enige vrees vir wanvoorstelling die Gees mag omhels wanneer ons Hom in sy beeltenis, dit is in sy Woord herken.*' (*Inst. I, 9, 3:179*)

⁶³⁵ 'Calvin's thought has its whole existence within the realm of God as revealer and man as knower.' Dowey, E 1994. *The Knowledge of God in Calvin's Theology*. Michigan: W.B. Eerdmans. 3.

⁶³⁶ Richard 1974:166. '*So kom ons na aanleiding van die gevoel van ons onkunde, ons ydelheid, ons hulpeloosheid, swakheid boosheid en bedorwenheid tot die insig dat die ware lig van die wysheid, die onwrikbare krag, die volmaakte oorfloed van alle seënninge en die suiwerheid van die geregtigheid nêrens anders as net in die Here alleen geleë is nie.*' (*Inst. I, 1, 1:114*)

7.1 Die verbreking van die stilte: God stel Homself teenwoordig deur sy Woord en Gees

7.1.1 Gebed is meer as 'selfgesprek'

By Calvin vind ons dat gebed nie 'n aanhangsel van die teologie as deel van die praktiese teologie is nie, maar tuis hoort by die sistematiese teologie om juis so die wonder van die gebed te onderstreep en te verhelder. Calvin is nie verwonderd oor die gebedspraktyk van mense nie; Calvin is verwonderd oor die moontlikheid van gebed, soos sy verwondering oor die werk van Christus en die werk van die Heilige Gees en die wonder van die geloof. Daarom is gebed geen aanhangsel nie. Gebed vorm een van die belangrikste temas van sy teologie. Gebed staan in die kern van sy teologie juis daarin dat dit die spanning verwoord tussen God se saak en die mens se saak; gebed slaan 'n brug tussen God en mens.⁶³⁷

Gebed is mensewerk; tog wanneer gebed as mensewerk geanaliseer word vanuit Calvin se uitverkiesings- en voorsienigheidsgeloof, kan die noodsaak daarvan bevraagteken word. Die spiritualisme wat in die Reformasietyd begin, en in die tyd van Aufklärung en Duitse Idealisme tot volheid kom, bevraagteken dan ook hierdie noodsaak en sien gebed uiteindelik as 'n verbygaande gegewe.⁶³⁸

Calvin plaas naas die gegewe van gebed as menslike aktiwiteit die gegewe van die goddelike openbaring. Gebed is deur God verorden ter wille van die mens.⁶³⁹ Eers in gebed kom die mens tot ware menswees. Die gebed vind dus sy aanvang en doel buite die mens in God se genade. Die geheim van gebed is in God geleë. Calvin se siening van gebed beklemtoon juis so die openbaringskarakter van sy hele teologie. '*Das Gebet bezeugt die Freiheit schenkende Offenbarung Gottes.*'⁶⁴⁰ Daar het iets gebeur buite die mens se werking om wat gebed moontlik maak. Aan die begin van gebed staan die wonder van God se neerbuiging tot die mens.⁶⁴¹ Daarmee is gebed, alhoewel dit mensewerk is, nie in die mens se beheer nie en nie deel van 'n sisteem van menslike verdienste nie. Juis in Calvin se gebedsleer word sy stryd met die Rooms-Katolieke kerk weerspieël. Ware gebed beteken dat die heiliges en die kerk vervang word deur Jesus Christus en die Heilige Gees; ware gebed beteken 'n veroordeling van gebed as menslike

⁶³⁷ 'Calvin gibt eine ganz knappe und einfache Wesensbestimmung des Gebets. "Das Gebet ist nichts als ein Ausbreiten unseres Herzens vor Gott.'" N.a.v. Jes 63:16. Niesel, W 1957. *Die Theologie Calvins*. München: Chr. Kaiser Verlag, 154. Nie net kry gebed aandag in die verskillende uitgawes van die Institusie nie, ook in voorlesings en preke kry gebed aandag. Calvin ken 'n wesenlike rol toe aan gebed binne die terrein van die teologie.

⁶³⁸ Scholl 1968:114 ev.

⁶³⁹ 'Hy het gebed trouens nie ter wille van Hom nie maar ter wille van ons bestem.' (*Inst.* III, 20, 3: 1079)

⁶⁴⁰ 'God, indeed, does not need to receive information and incitement from us; but the use and the end of prayer is, that the faithful, by freely declaring to God the calamities and sorrows which oppress them, and in disburdening them, as it were, into his bosom, may be assured beyond all doubt that he has a regard to their necessities.' (*Com.* Ps 17:9)

⁶⁴¹ Sien Calvin se preek oor 2 Sam. 7:19.

poging tot kontak met God; verder is dit 'n duidelike 'nee' ten opsigte van enige aanroep van menslike middelaars.⁶⁴²

Hierdie 'nee' onderstreep die ware geheim van gebed. Belangriker is die 'ja' van gebed, gebed vind plaas want die ruimte vir gebed is geopen deur die Woord en die Gees.⁶⁴³ In die gebed binne hierdie ruimte, vind die begenadiging van die mens in gerig voor God plaas. Juis omdat die Woord en Gees daar is, geheimnisvol maar onweerlegbaar, geskied gebed werklik.

Hierop lê Calvyn die klem: regverdigmaking, wedergeboorte, heiliging, is nie werklikhede wat moeisam vanuit menslike inspanning bewerkstellig kan word nie; dis deur Christus bewerkstellig.⁶⁴⁴ Ware gebed geskied kragtens die genade van God; daar is geen voorwaardes of metodes nodig om hierdie kontak te bewerk nie. Ook wanneer Calvyn sekere gebedsreëls voorstel, is dit geen metode of voorarbeid tot gebed nie, maar 'n hulp vanweë ons menslike swakheid. Wanneer ons die geheimnisvolle ruimte van ware gebed by Calvyn beskou, het dit dus alles te doen met die kritiese verhouding tussen die Woord en Gees.

Ware gebed geskied nie sonder die Woord, dit is Jesus Christus die vleesgeworde Woord, nie. Hy stel Homself in sy 'Ons Vader' gebed aan ons kant. Hy bid die psalms en maak die Ou Testament vir ons oop. Daarom druk Calvyn dit op die hart dat ons in ons gebede die Woord sal navolg.⁶⁴⁵

Tegelyk geld van hierdie gebede, gesmee deur die Woord, die Woord werk nooit sonder die Gees nie; die Gees werk ook nie sonder die Woord nie.⁶⁴⁶ Calvyn doen moeite met die uitleg van die 'Ons Vader' gebed en pas dit ook toe in sy eie godsdiensbeoefening. Tog kan die Woordgebonde gebed nooit 'n formule sonder Gees wees nie. Dit gaan immers om die lewende Woord, geskenk in God se genadige neerbuiging tot die mens. Calvyn se gebedsleer bevestig sy openbaringsgeologie, as 'n funksie van die Christologie en pneumatologie in hulle samehang en geheimnisvolle identiteit.⁶⁴⁷ Hierdie onverbreekbare samehang van Woord en Gees blyk die

⁶⁴² 'Nicht wir von uns aus können den Zugang zu Gott gewinnen. Gott selber bereitet uns den Weg zu sich. Sein Wort führt uns in seine Nähe. Es gibt uns die Gewißheit, daß unser Gebet bei Gott Erhörung finden wird.' (Niesel 1957:155)

⁶⁴³ Scholl verwys ook na die woorde van gebed aan die begin van Calvyn se doopformulier van 1542 wat hierdie dubbele waarheid onderstreep. Sien O S. II, 31/32. (Scholl 1968:115)

⁶⁴⁴ 'An die Stelle der von der alte Kirche und von Mittelalter so ernst genommen Aufgabe der Heiligung zum Gebet ist die Heiligung durch das Gebet, besser: im Gebet getreten.' (Locher, G W 1957) 'Das vornehmste Stück der Dankbarkeit'. Das Gebet im Sinne der Reformation nach dem Heidelberger Katechismus. Ev Th 17 563-578.

⁶⁴⁵ 'And certainly their presumption is great, who rush into the presence of God without any call from his Word; as if they would make him subservient to their humour and caprice.' (Com. Ps 119:38)

⁶⁴⁶ Die gebed staan onder dieselfde kriterium wat Calvyn aan Sadolet voorhou, wat vir alle kerkleer geld. '... Learn, then, by your own experience that it is no less unreasonable to boast of the Spirit without the Word, that it would be absurd to bring forward the Word itself without the spirit.' Reply by John Calvin to the letter by Cardinal Sadolet to the Senate and people of Geneva. in Calvin, J 1954, *Calvin: Theological treatises*, ed Reid, J K S. Philadelphia: Westminster Press, 231.

⁶⁴⁷ 'Calvin erinnert nämlich (Katechismus 1542 Fr 250 u.w.) im Blick auf die Tatsache, daß es ja Jesus Christus war, der seinen Jüngern vorbete und damit sie und die ganze Kirche beten, lehrte (Luk 11:1 u.w.) und an dessen

eintlike geheim van die gebed in die teologie van Calvyn te wees. Daarmee word gebed beskerm teen ‘n rasonale verkerkliking, maar ook ‘n ervaringsmatige vergeesteliking.

Vir Calvyn is die Woord van God ‘n gebeure; ‘n ingreep van God in ‘n mens se lewe. ‘n Woord wat nie net verlig deur sy onderwysing nie, maar verander deur sy skeppende mag.⁶⁴⁸

Scholl maak in hierdie verband ‘n belangrike stelling:

Das Gebet unter dem Wirken des Geistes geschieht nur in der Einheit mit Jesus Christus. Er ist der Beter. So wächst das Wort des Gebetes aus dem Schriftwort. Das Problem des rechten Gebetes ist zuletzt identisch mit dem nach dem rechten Verständnis der Bibel. Das Verhältnis Mensch zu Christus im Gebet entspricht dem Verhältnis Menschenwort zu Gotteswort, Buchstabe zu Geist in der Schrift. ‘Der Herr ist der Geist’. Jesus Christus ist als der erste Beter der Ertsgeborene unter vielen Betern. Hier hat die Praxis des Gebetes ihren Ansatz.⁶⁴⁹

Ware gebed gaan saam met die ware verstaan van die Skrif. Die herontdekking van die duidelikheid van die Skrif gee aanleiding tot die herontdekking van die Bybelse geloof in die tyd van die Reformasie.

7.1.2 Hoe hierdie waarheid vir die hervormers oopgaan in die herontdekking van die duidelikheid van die Skrif

In sy proefskrif *Klaarheid en Interpretasie*, maak H.W. Rossouw die volgende belangrike stelling:

Die reformatoriese Skrifbeskouing was self ‘n moment in die reformatoriese herontdekking van die Bybelse religie, ‘n herontdekking wat plaasgevind het in die omgang en interpretasie van die Skrif self. In die herontdekking van die Bybelse religie is die gesag van die Skrif tegelykertyd herontdek as die konkrete, heilsgebeurlike gesag van Gods lewende Woord. Waar die Woord van God in die geloof verneem word, daar gebeur die heil wat eenmaal eens-vir-altyd in die geskiedenis van Israel en Jesus van Nasaret geopenbaar is as heil van Gods komende Koninkryk. As die getuigende oorlewering van hierdie geskiedenis is die Skrif self die Woord wat God hede spreek in die konkrete bestaan van die sondaar. Die

Mittler- und Fürsprecheramt ... wir haben den Befehl und die Verheißung, daß wir Gott im Namen Jesu Christi anrufen dürfen und sollen. Indem uns wir hinter und neben ihn stellen, ist uns die Freiheit, Gott mit unserem Bitten unzureden, ohne weiteres gegeben. Dass *Jesus Christus* mit seinem Gebet und dass der *Heilige Geist* mit ‘unaussprechlichen Seufzern’ unser Mittler und Fürsprecher ist, das ist nicht zweierlei, sondern eines. Man kann und muss es von Jesus Christus und vom Heiligen Geist sagen, und es betrifft beide denselben Vorgang der Begründung des Gebetes ... [E]r – Jesus Christus durch den Geist, der Geist als der Geist Jesu Christi – er ist der, der gut macht, was wir von uns aus nicht gut machen können, der unser Gebet vor Gott bringt und also das Gebet möglich, der es aber eben damit für uns auch notwendig macht.’ Barth se beskrywing van hierdie vryheid tot gebed. Barth K 1957. *Kirchliche Dogmatik*, III ‘Die Lehre von der Schöpfung 4’. Zürich: Evangelischer Verlag, 103/4.

⁶⁴⁸ Wallace 1953:82.

⁶⁴⁹ Scholl 1968:113.

*Skrif verkondig dus nie net dat die geskiedenis van Israel en Jesus van Nasaret die eenmalige Openbaring van Gods heilshandelinge met die sondaar op sy weg na die verwerkliking van sy eskatologiese heerskappy nie, maar die Skrif het self 'n funksie op hierdie weg en in die verwerkliking. Deur die Skrif as sy lewende Woord oefen God sy heerskappy tans reeds uit daarin dat Hy geloof oproep en so die mens stel in 'n lewende gemeenskap met Homself, 'n gemeenskap van kennis en vertroue, van gebed en liefde, van diens en verwagting. As die evangelie van Gods verkiesende liefde en van sy vrye genade is die Skrif die "septer van Gods Koninkryk". God heers deur sy Woord. Gods heerskappy beteken heil vir die sondaar.*⁶⁵⁰

Die kwessie van die 'duidelikheid' van die Skrif is nie 'n vanselfsprekende saak nie. Reeds in die kerkgeskiedenis, in aanloop na die reformasie, het dit al hoe meer problematies geword.

Rossouw toon aan hoe dat verskeie faktore hierin 'n rol gespeel het. Wat die historiese faktor betref, het die kerk reeds vroeg in die kerkgeskiedenis in die kontak met die afwykende rigtings agtergekom dat die verstaan van die Skrif nie 'n eenvoudige saak is nie.⁶⁵¹ Daar is ook 'n hermeneutiese faktor: Die probleem waarvoor die kerk in die praktiese Skrifgebruik te staan gekom het, was daarin geleë dat hierdie boek wat die ewige goddelike waarheid bevat, 'n onmiskenbaar historiese en daarom tydgebonde karakter het. In sy letterlike gestalte vertel die Skrif van dade en gebeurtenisse wat in die verlede plaasgevind het en van uitsprake wat vir spesifieke historiese persone bedoel was. Die vraag is: Hoe moes die Skrif verstaan word dat dit ook van toepassing sou wees op en boodskap sou hê vir die mens in die hede? Daar het dus 'n hermeneutiese spanning ontstaan tussen die historiese oorlewering en die praktiese skrifgebruik in die kerk en die Christelike lewe.⁶⁵²

Die 'gnoseologiese' faktor het 'n baie belangrike rol gespeel. Dit kan veral aangedui word aan die hand van die sentrale begrip '*mysterion*'. '*Mysterion*' is in die Nuwe Testament by uitstek gebruik as aanduiding van die inhoud van die Openbaring. In aansluiting by Romeine 16:25-26 is Openbaring die bekendmaking van 'n verborgenheid, eeue lank verswyg, maar *nou* geopenbaar.⁶⁵³ Die dominante moment het nie gehandel oor die '*vasstelbare singehalte van die meegedeelde kennis nie*', veeleer het dit gegaan om 'n gebeure as konkrete vervulling van God se

⁶⁵⁰ Rossouw 1963:246.

⁶⁵¹ Die eenheid is in die 2de eeu versteur deur o.a. die Gnostisisme, Marsioniste en Montaniste wat aanleiding is tot die ontwikkeling van die een groot kerklike verband wat sy eenheid grond op die opkomende gedagte van 'n Rooms-Katolieke "apostoliese tradisie" as die beslissende outoriteit en laaste norm vir die beantwoording van die Christelike waarheidsvraag. (op cit 20)

⁶⁵² op cit 49.

⁶⁵³ 1 Tim. 3:16 – die verborgenheid is die verborgenheid van God se ewige heilsbedoeling met die mens; verwys ook na die misterie van die Godsryk (Mat. 4:11); die misterie van die wil van God (Ef 1:9) die misterie van Gods raadsbesluit oor die heidene (Kol 1:26) oor Israel (Rom. 11:25) Sentraal word die misterie aangedui as die misterie van Christus. (Kol. 1:27; 2:2; Ef. 3:4; 4:3) of die evangelie (Ef 6:19) 'In Jesus Christus word Gods ewige heilsplan met die mens konkreet onthul, en wel as misterie.' (Rossouw 1963: 89)

beloftes.⁶⁵⁴ *‘Die misterie is die handeling van God in die geskiedenis waardeur Hy naby die mens kom, waardeur Hy sy aangesig in Jesus Christus volledig na die mens toekeer om die sondaar in sy afvalligheid en eensaamheid op te soek en die gebroke gemeenskap te herstel.’*⁶⁵⁵ In die kontak met die Grieks-Romeinse wêreld is die kerk gekonfronteer met ‘n religieuse-gelade filosofiese denke en in die proses het die misterie-begrip ‘n transformasie ondergaan. Die gevolg was dat die openbaringsbegrip na sy vorm en inhoud as misterie gekwalifiseer is.⁶⁵⁶ Dit het beteken: die openbaring was nie in staat om geloof op te roep of te bewerk nie maar moes aangevul word deur aan die een kant deur die kerk met sy ampstruktuur en sakramente en aan die ander kant die kerklike leeramp van die teologie, wat die kerklike misteries moes probeer deurgrond. Die gevolg was dat geloof ‘n implisiete geloof geword het, wat deur die kerklike sakramente en eie goeie werke aangevul moes word. Ons sien alreeds hier ‘n skeiding tussen kennis van die heil en verwerkliking van die heil.⁶⁵⁷ Rossouw: *‘Die grondliggende teenstelling wat die teologiese heilskonsepsie vroeg reeds gaan beheers het, was dus nie die teenstelling tussen sonde, as ongehoorsame afvalligheid van God, en genade, as die herstel van die gemeenskap met God nie, maar veeleer die teenstelling tussen verganklikheid en onverganklikheid, tussen veranderlike en onveranderlike, ewige ‘syn’. Verlossing het die proses geword waardeur die mens langs die weg van ‘n deugsame lewe bestendigheid bygebring en so voorberei word vir die uiteindelijke onverganklikheid.’*⁶⁵⁸

Dit het gevolg gehad vir die gesag van die Skrif. Alhoewel die gesag van die Skrif steeds aanvaar is, het hierdie filosofiese voorveronderstellings gemaak dat dit nie meer gesagvol in die

⁶⁵⁴ ‘The μυστήριον τῆς βασιλείας του θεου which is revealed to the disciples is thus Jesus Himself as Messiah... [I]n the Pauline corpus the term μυστήριον is firmly connected with the *kerygma* of Christ.’ Bornkamm, G 1967. ‘μυστήριον’, in: *Theological Dictionary of the New Testament*, ed Kittel, vol IV, Grand Rapids: Eerdmans, 819. ‘In the mystery a heavenly reality breaks into the sphere of the old aeon.’ (op cit 820) ‘Het is vóór alles de kennis van de in Christus aanwesige tegenwoordigheid van het heil, van het gekomen zijn van het koninkrijk in Jezus als de Christus.’ Ridderbos, H N 1950. *Het Komst van het Koninkrijk*. Kampen: Kok, 120.

⁶⁵⁵ ‘Das gottliche Geheimnis ist vielmehr ein Ereignis, noch richtiger ein Handeln Gottes in der Geschichte.’ Stählin, W 1936. *Vom göttlichen Geheimnis*. Kassel: Johannes Standa Verlag, 9.

⁶⁵⁶ Rossouw oordeel dat daar ‘n verskuiwing t.o.v die misterie begrip plaasgevind het. ‘Die Openbaring in Jesus Christus is benader vanuit die synsproblematiek van die metafisiese denke in sy strewe na ‘n intellektuele greep op die laaste werklikheid. Vanuit hierdie probleemstelling is die Openbaring as misterie gekwalifiseer, maar die misterie van die Openbaring is so formeel vanuit ‘n algemene misteriebegrip bepaal – ‘n misteriebegrip wat gemunt is deur metafisies-gnoseologiese probleemstellinge en uitdrukking was van die laaste woord van menslike selfkennis.’ (op cit 106)

⁶⁵⁷ In die lig hiervan moet die bekende uitspraak van Anselmus verstaan word: *fides quarens intellectum*. ‘In die kerklike gesagsgeloof kom die innerlike dinamiek van die kennende gees nie tot rus nie.’ Dit streef na ‘n *‘intellectus fidei*, waarin die sin van die ‘syn’ in die Openbaringsmisterie geskou en die spanning tussen geloof en wete opgelos kan word.’ (op cit 128) Die weg hiervan is die weg van die teologiese spekulasie.

⁶⁵⁸ Hierdie skeiding tussen heilskennis en eskatologiese heilsvervulling kry sterk impetus in die teologie van die Apologete. Deur middel van die Logos-leer is die Christelike Openbaringswaarheid vereenselwig met die ware filosofie waarin God self op ‘n wysgerige wyse die antwoord geopenbaar het op die gewigtigste lewensvrae, d.w.s die vraag na God, as die laaste en diepste grond van die werklikheid en die vraag na die vereniging van die siel met God, as die grond van die mens se ewige heil.’ (op cit 113)

lewens van gelowiges gefunksioneer het nie. Die gesag van die Skrif het die gesag van 'n kenbron en 'n wetboek geword en die Skrif het sy gesag as lewende Woord van God verloor.⁶⁵⁹

Onder die invloed van 'n algemeen wysgerige misteriebegrip is die heilswerklikheid van die openbaring opgevat as 'n *arcanum* of ontstaansbron. Die Skrif is opgevat as 'n duistere metafisiese dokument en kon alleen sy gesag uitoefen via die kerk. Die aanvaarding van 'n duistere Skrif het uiteindelik 'n sluier gewerp, nie alleen oor die duidelikheid van die heilswaarheid nie, maar ook op die bemiddeling van hierdie waarheid aan die gelowige en uiteindelik ook ten opsigte van die heilstoeëiening. Op sy beurt was dit juis die herontdekking van die duidelikheid van die Skrif wat nuwe lig werp op die heilswaarheid, die bemiddeling van die waarheid en die heilstoeëiening.⁶⁶⁰

Luther se eksegetiese ontdekking sluit hierby aan. Sy skrifondersoek is van die begin af gedra deur 'n 'intense heilsinteresse.'⁶⁶¹ Hy begin by die term 'geregtigheid Gods', die term in sy skolastiese studie vir God se vergeldende geregtigheid. In Psalm 31, bring dit hom in ernstige eksegetiese moeilikheid. Dit word 'n bron van persoonlike aanvegting wat hom in die grootste gewetensangs bring vanweë aan die een kant sy verdiepte visie op die sedelike en die sonde en aan die ander kant die toorn van God. Daarteen kan niks stand hou nie, veral nie die Rooms-Katolieke vroomheid nie. Hierdie weg van werkgeregtigheid word vir hom die hoogste selfbedrog. Hy vra na 'n genadige God.⁶⁶² Eers in sy studie van Psalm 70 en 71 kom daar 'n wending. In plaas van die werk van God met behulp van 'n abstrakte, skolastiese terminologie te probeer verduidelik, maak Luther in Psalm 63 die ontdekking dat die sending en koms van Jesus Christus dié eintlike werk van God is wat reeds in die Ou Verbond belowe is.⁶⁶³

Hierdeur gaan daar vir Luther 'n nuwe lig oor die Skrif op. Dit stel Hom in staat om nie alleen die Skrif nie maar ook die ander heilsterme op 'n nuwe wyse te verstaan. Hy vat hierdie nuwe

⁶⁵⁹ Rossouw wys daarop dat die Skrif van die vroegste tye af in die kerk as *lex* aangedui is; dit hang saam met 'n bepaalde opvatting oor die wese en funksie van die Skrif. (op cit 124)

⁶⁶⁰ Die bevestiging van die duidelikheid van die Skrif lê aan die wortels van die hervorming self. 'Worin beruht die hermeneutischen Bedeutung dieser exegetischen Einsicht? Wir können mit Luthers späteren Formulierungen sagen: in der ablehn von philosophischen zu christologischen Schriftverständnis, von abstrakter zu Konkreten, von Gesetzlichen zu Evangelischen.' Ebeling, G. - 1991. *Evangelische Evangeliumauslegung*, 3 aufl. Tübingen: J.C.B. Mohr, 275. 'Verbum Dei – Gott hat geredet – Gott redet ... die entscheidende Neuorientierung nicht nur des kirchlichen Lebens, sondern der gesamten Existenz.' (Locher 1964: 5)

⁶⁶¹ Die teologiese probleme was selde so nou verweef met de innerlike worstelinge van 'n mense siel.' (Kooiman, W J 1948. *Maarten Luther, Doctor der heilige Schrift, Reformator der kerk*. Amsterdam, 30)

⁶⁶² 'Hoe kan ek *überhaupt* God in sy Openbaring as 'n genadige God leer ken en nie as Regter nie?' (Rossouw, 142)

⁶⁶³ 'Na analogie hiervan kraak Luther in sy eksegese van Ps. 71:2 ook die 'harde neut' van die *iustitia Dei* teen die rotssteen', van Christus.' Die geregtigheid Gods waardeur ons verlos word moet christologies, dit beteken evangelies, verstaan word. (die eksegese van Rom 1:17 speel hierin ook 'n rol) 'Die geregtigheid Gods is hiervolgens nie 'n funksie van Gods wese *an sich* waardeur Hy elkeen vergeld na sy verdienste en wat as sodanig náás die funksie van sy liefde staan nie. Die geregtigheid Gods is intendeel die daad waarmee Hy ons in Christus regverdig maak uit vrye genade deur die geloof alleen.' (Rossouw 1963:142)

verstaan saam in die belydenis van ‘die regverdigmaking deur die geloof alleen’.⁶⁶⁴ Dit gee aanleiding tot ‘n nuwe Bybelse verstaan van genade. Genade is nie langer gesien in die lig van een of ander substansiële sinsordening nie, maar as konkrete Persoon; of beter gestel: God se liefdevolle toewending na die sondaar in die sending van sy Seun. Ook die genade aspek van die genade is anders verstaan, want teenoor die kruisgenade staan die mens ontbloot as skuldige sondaar.⁶⁶⁵

Die Godsbegrip is nie meer primêr getematiseer in terme van die algemene sinsvraag nie. Voorop in die reformatoriese Godsbekouing staan nie Gods wese *an sich* nie, maar God soos Hy die sondaar tegemoet tree in Jesus Christus. Ook kom God se openbaring in ‘n nuwe lig te staan. God is ‘n God wat handel, daarom is openbaring nie die epifanie van die hoogste ‘syn’ of die hoogste goed nie, maar as daad van God wat by die kruis gebeur. Godskennis is daarom nie ‘n ‘majesteit spekulatie’ oor God se wese *an sich* nie maar is ware Godskennis, ‘n eksistensiële betrokkenheid by dit wat God vir ons gedoen het aan die kruis.’⁶⁶⁶ Die Openbaring van God in Christus beteken ‘n nuwe ‘heilsituasie’ vir die mens. Dis nie ‘n situasie waarin God as ‘n verre en vreemde God verborge bly en waarin die mens in sy Godsverhouding allerlei bemiddelende tussengangers nodig het nie. In Jesus Christus tree God die menslike bestaan binne as ‘God met ons’; in Jesus Christus sluit Hy ‘n verbond met ons; roep Hy ons tot gemeenskap met Hom. In Jesus Christus staan die mens *coram Deo*.⁶⁶⁷

⁶⁶⁴ Luther noem dit self die hoofartikel van die geloof (vgl die *Schmalkaldiese artikels* II, 1); dit nie bedoel as ‘n soort wysgerige beginsel waaronder al die ander geloofsartikels georden moes word nie, maar ‘die mees pregnante eksemplaryse uitdrukking is van die sentrale inhoud van die reformatoriese protes.’ (op cit 144)

⁶⁶⁵ Teenoor die kruisgenade staan die mens nie met sy natuur *an sich* op so ‘n wyse dat die onderlinge verhouding as ‘n metafisiese relasie in algemene ontologiese terme gefikseer kan word nie. Teenoor die kruisgenade staan die mens veroordeel as sondaar.’ voetnoot 14 – dit beteken dat die beweging tussen God en mens in die toewending van God tot die mens onomkeerbaar is. ‘n Metafisiese opvatting van die verhouding tussen God *an sich* en die mens *an sich* loop daarenteen noodwendig uit op ‘n tweerigtingverkeer.’ (op cit 145-6)

⁶⁶⁶ ‘Wat God in Homself is, kan nie geken word in ‘n majesteitspekulasie oor Gods transendente wese *an sich* nie, maar word eers geken vanuit sy konkrete heilswerk waarin Hy Homself openbaar as “onse God”, as die *Deus erga nos*. Ware Godskennis is geen *theologia gloria* nie, maar is ‘n *theologia crucis*, ‘n *theologia ab imo*.’ (op cit 147) Hierdie gedagtes word veral sterk by Luther beklemtoon terwyl Calvin daarmee eens is. In die sg. *Extra Calvinisticum* lê hy ‘n aksent wat so nie as korreksie tog as ‘n noodsaaklike afweer teen die gevare wat in ‘n eensydige beklemtoning van die *Theologia crucis* kan skuil. ‘Calvyn wil in sy verwerping van elke ‘transendensiedenke’ of ‘majesteitspekulasie’ terselfdertyd waak teen ‘n miskenning van die geheimenis van Gods kondensie tot die sondaar en daarom teen ‘n vermensliking van God. “Das Kindlein in der Krippe ist der Herr Himmels und der Erde, der Erniedrigte ist der Erhöhte, der Gekreuzigte der Auferstandene. Gewiss, Gottes Herrlichkeit offenbart sich gerade in seiner Niedrigkeit, aber nicht die Niedrigkeit als solche, sondern die Erniedrigung, Gottes freiwilliges Herabsteigen, das nicht erfassbar ist, ohne um seine unendliche Erhabenheit und Majestät zu wissen, ist der Kern des Evangeliums.” Kreck W. *Die Eigenart der Theologie Calvins*, in *Calvin-Studien*, 1959, Neukirchen, 1960, 29. (op cit 147 n 17)

⁶⁶⁷ Bakker kies as die sentrale tema van Luther se teologie. ‘Luther zelf haft in eigen geloofsleven het verschil ervaren tussen een enkel intellectueel weten van God en de “experientia”, die zich steeds bewust blijft, dat ze te doen heeft met de lewende God. Hij kende zelf het gevaar van het begrippenspel, waarbij het hart niet werkelijk meesprekt, maar waardoor dan ook op het beslissende punt deze kennis volkomen faalt...[H]et is de mens niet gegeven afstande te nemen van zichzelf, het is hem ook niet gegeven een objectiewe afstand te nemen van God. De enige “oplossing” kan zijn het aangrijpen van het Woord en het heimwee naar het licht der glorie, waarin de

Twee aspekte word duidelik uit hierdie heilsituasie. In die eerste plek die feit dat God in sy opsoekende liefde naby die mens kom; en tweedens, dat die mens nie afhanklik is van enige tussenganger om hierdie nabyheid teweeg te bring nie. Anders gestel: die mens het met God self te doen en die konstituering van hierdie verhouding is nie afhanklik van menslike moontlikhede nie. Rossouw sê albei hierdie aspekte van die heilsituasie gaan ten nouste saam met die Woord karakter van God se heilsopenbaring.⁶⁶⁸

Vandaar die opskrif van hierdie gedeelte: ‘Die verbreking van die stilte: God stel Homself teenwoordig deur sy Woord en Gees’. God is teenwoordig, maar nie anders as deur sy Woord nie. Daar is geen magiese - of mistiese -, geen sakramentele - of intellektuele weg vanuit die mens na God toe nie.⁶⁶⁹ Vir gemeenskap met God is die mens volkome aangewys op Gods genadige inisiatief. God is teenwoordig want hierdie Woord is ‘n Woord van versoening. Dis daarom ‘n Woord waaraan die mens volkome genoeg kan hê.⁶⁷⁰

7.2 Die hoorders hoort by die Woord

Ott maak die stelling:

‘Gebet – wie es sich selber versteht – ist menschlicher Verkehr mit Gott, ist ‘reale Beziehung’. Das setzt voraus, daß Gott selber redet, daß er realiter in die Beziehung tritt. Wo und wie wird aber diese Rede, das Wort Gottes, erfahrbar? Nicht anders als im ‘Glauben’, d.h. dort, wo ich einen gedanken oder Spruch nicht als von mir oder sonst von Menschen gedacht oder gesprochen, sondern primär als Gottes eigene Rede verstehe.’⁶⁷¹

Hierby sluit ook aan die sin van die reformatoriese *sola fide*. Rossouw stel dit as volg:

tegenstellingen verzoend zullen zijn.’ Bakker, J T 1956. *Coram Deo: Bijdrage tot het onderzoek naar de structuur van Luthers Theologie*. Kampen: Kok, 20 en 23.

⁶⁶⁸ Die verskillende vorme van Openbaring in die Skrif is gevarieerd: visioen, teofanie, droom wonder, ens. ‘Wanneer die reformatore van die Woord van God spreek, dan gaan dit nie om hierdie fenomene nie, maar dan word bedoel: ‘Gott erschliesst sich dem Menschen, indem er ihn anredet. Das Wie der Anrede ist hier vorerst nicht in Betracht gezogen...[D]as Wort Gottes im Biblischen Sinne ist demgegenüber wesentlich *Entscheidung*, und zwar die über mich fallende und meine Entscheidung heischende göttliche Entscheidung...’ Weber, O 1955. *Grundlagen der Dogmatik I*, 196/7. Neukircherer Verlag. Die reformatore reduceer dus nie die Openbaringsmedium tot wat in die huidige kerugmatologie van Fuchs en Ebeling ‘n “Sprachereignis” of “Wortgeschehen” heet nie.’

⁶⁶⁹ ‘Mit Recht sagt Iwand: “Die Offenbarung Gottes in Jesus Christus hat keinen Maßstab außerhalb ihrer, an dem sie gemessen, als Offenbarung erkannt und verstanden wird.” Vom Wort Gottes, gerade von dem fleischgewordenen, in unsere Geschichte eingegangenen Wort Gottes gilt, dass es dennoch souverän ist und bleibt ... [D]er Vermittlungspunkt für das Verstehen des Wortes Gottes liegt nicht in unserem Bewusstsein als solchen, sondern im Wort Gottes selbst.’ Kreck, W 1966. *Die Wirklichkeit des Wortes Gottes*, München: Chr. Kaiser Verlag, 21. (haal aan Iwand, H J 1965. ‘Um die rechten Glaube’, *Ges. Aufs.* Hg. K. G. Steck, 236)

⁶⁷⁰ ‘Dis daarom nie ‘n voorlaaste Woord nie, maar ‘n laaste Woord waaraan die mens genoeg mag hê. Want as ‘n lááste Woord is die Woord van vergewing en vryspraak self die medium waarin en waardeur die volle heil bemiddel word. Die Woord van Gods Openbaring is nie vóórwaarde vir die nuwe lewe nie, maar dit is self die gawe van die nuwe lewe...[D]ie Woord wys nie die moontlikheid aan vir ‘n verwerwing van die geregtigheid Gods nie, maar die Woord maak die sondaar deelgenoot aan hierdie geregtigheid daarin dat dit gespreek en in die geloof verneem word.’ (Rossouw 1963:151)

⁶⁷¹ Ott 1958:122.

‘Met die Woordkarakter van die Openbaring korreleer die hoorkarakter van die geloof vir die reformatore. Geloof is die verneem van die goddelike Woord as aansprekende vryspraak. Daarom leef die geloof van die Spreke Gods, het dit geen bestaan in sigself nie, maar is dit geheel en al betrokke op en afhanklik van die feit dat God spreek en dat sy Spreke ook daadwerklik gehoor word.’⁶⁷²

Die Woord van God is wesenlik en inherent gerig op die lewende geloof. Woord en geloof staan in ‘n onverbreeklike verband tot mekaar; dit kan nie van mekaar geskei word nie. Sonder die geloof is die Woord ‘onwerkzaam’, sonder die Woord is die geloof ‘leeg’.⁶⁷³

Die geloof waardeur die Openbaring as Woord van God gehoor word, is sowel *cognitio* as *fiducia* én *certitudo*.

Geloof behels ‘n kognitiewe moment. Geloof is geen *fides implicita*, geen blinde gesagsgeloof nie, maar werklik kennis van dit waarop dit gerig is. Hierdie kennis is geen teoretiese of intellektuele kennis wat die bestaan van die mens ongemoed laat nie. Die geloofskennis is nie kennisname nie, maar veeleer eksistensiële kennis waarby die religieuse kern van die mens betrokke is.⁶⁷⁴

Die vraag is: Waar word hierdie Woord van God in die geloof gehoor? Hierop antwoord die hervormers met die spreuk *sola scriptura*. Hier is dit belangrik om in te sien dat die reformatore nie aangesluit het by ‘n humanistiese program van ‘terug na die ou bronne toe’ nie; dit het ook nie gegaan om ‘n stryd om die aanvaarding van die gesag van die Skrif as sodanig nie. Dit het gegaan oor die uitleg van die Skrif; oor die wyse waarop dit in die kerk verstaan word en oor die wyse waarop die inhoud daarvan aktief in die kerk funksioneer.⁶⁷⁵ Die Skrif is nuut as lewende

⁶⁷² Rossouw 1963:151. ‘Die Erkenntnis des Glaubens ist näher zu bezeichnen als ein schlichtes Sich-beugen unter Gottes Selbstmitteilung in Wort und Verheißung. ... [O]hne vernommenes Wort Gottes, ohne dass Gott loquens ist, gibt es keinem Glauben, ebenso wie es ohne Anruf keine Antwort geben kann.’ Brunner, P 1925. *Vom Glauben bei Calvin*, Tübingen: J.C.B. Mohr, 123.

⁶⁷³ ‘In die korrelasie tussen Woord en geloof gebeur die heil, nie as ‘n saaklike outomatisme nie, maar as die lewende gemeenskap tussen die *Deus iustificans* en die *peccator iustificatus*.’ (op cit 151-2) Woord en geloof is korrelatief op mekaar betrokke maar die allesbepalende is die Woord. ‘Der Glaube an sich hat keinen Wert, keine Heilsbedeutung. Er ist weiter nichts als ein leeres gefäß. Bedeutung für unser Heil hat er nur im Hinblick auf den Inhalt, den er umfaßt: Jesus Christus. Wir haben im Glauben alles, was uns nötig ist, wir haben im Glauben Gemeinschaft mit dem Heiland Jesus Christus. Aber auf keinen Fall darf der Irrtum aufkommen, als sei den Glaube die Sache selber.’ (Niesel 1957:125) ‘Hieruit kan afgelei word dat ons nie die vermoë om regverdig te maak van Christus af wegneem wanneer ons leer dat ons Hom eers in die geloof moet aanneem voordat ons sy geregtigheid kan ontvang nie.’ (*Inst.* III, 11, 7:937)

⁶⁷⁴ Ons kan ook verwys na Calvin se kommentaar op Rom. 10:10. ‘This passage may help us to understand what justification by faith is; for it shows that righteousness then comes to us, when we embrace God’s goodness offered to us in the gospel. We are then for this reason just, because we believe that God is propitious to us in Christ. But let us observe this, —that the seat of faith is not in the head, (*in cerebro* —in the brain,) but in the heart. Yet I would not contend about the part of the body in which faith is located: but as the word *heart* is often taken for a serious and sincere feeling, I would say that faith is a firm and effectual confidence, (*fiducia* —trust, dependence,) and not a bare notion only. (*Com. Ro.* 10:10)

⁶⁷⁵ ‘Luther het ingesien dat die erkenning van die Skrifgesag gerelativeer kan word deur ‘n bepaalde wyse van uitleg, deur ‘n bepaalde wyse van omgang met die Skrif.’ (op cit 154-5)

Woord van God verstaan; die Skrif moet as *evangelie* gelees en gehoor word, nie as wet of as metafisikahandboek nie.⁶⁷⁶

Rossouw toon vervolgens aan hoe dat die een Woord van God as evangelie gehoor word in die drie dimensies van die een evangeliese Woord. In hierdie drie dimensies oefen die Skrif sy gesag uit as evangelie. Hy tref onderskeid tussen die ‘waarheidsdimensie’, die ‘beloftedimensie’ en die ‘vervullingsdimensie’.⁶⁷⁷ Dit beteken die Skrifwaarheid kom as belofte en in die gelowige aanvaarding vind die vervulling van die belofte plaas. Hiermee korreleer die drie dimensies van die geloofsbegrip naamlik *cognitio, fiducia* en *certitudo*.

Wat die ‘waarheidsdimensie’ betref word dit gekwalifiseer deur die evangelie; die boodskap van vergewing van sondes waardeur die mens persoonlik by die naam geroep word tot gemeenskap met God.⁶⁷⁸ Belangrik, die verhouding wat hierdeur tot stand kom is geen saaklike verhouding soos tussen ‘n Regter en ‘n aangeklaagde nie, maar ‘n persoonlike verhouding; dit is ‘n verhouding van persoonlike gemeenskap. Daarom is die religieuse verhouding geen geval nie, maar ‘n verhouding wat geheel en al daarvan afhang of die mens God ‘my God’ kan noem. Daarom word die *sola gratia* persoonlik geïnterpreteer deur die *solus Christus*. In Jesus Christus, die vleesgeworde Woord, kom God naby die mens, is Hy die Immanuel wat die sondaar met Homself versoen in ‘n verhouding van gemeenskap en liefde.⁶⁷⁹ Die God van die Bybel is nie die *summum ens* in ‘n algemene sinsleer nie, maar is die God van Abraham, Isak en Jakob. ‘Hy is “onse God”, die lewende God wat heers deur sy Woord en in hierdie heerskappy die konkrete mens aanspreek en vryspreek’.⁶⁸⁰

En geloof? Geloof is ‘n seker kennis dat hierdie evangelie waar is. Nie bloot ‘n kennisname nie, maar ‘n erkenning in ‘n lewende verhouding met Jesus Christus, die inhoud van die evangelie; ‘n erkenning in vertrouwe en oorgawe maar ook verwagting, hoop.⁶⁸¹

⁶⁷⁶ ‘As evangelie is die Skrif die boodskap dat Gods heilshandeling in Jesus Christus op so ‘n wyse *extra nos* geskied het dat ons as sondaars nie net daarby betrokke is nie (*pro nobis*), maar dat hierdie heilshandeling tevens in die verkondiging daarvan ook werklik aan ons voltrek word (*in nobis*).’ (op cit 165)

⁶⁷⁷ ‘Die drieërlei betrokkenheid van die één evangelie konstitueer nl. ‘n dimensionele samehang in die konkrete uitoefening van die Skrifgesag. Die gesag wat die Skrif uitoefen, is die gesag van die één Woord van God. In die uitoefening van hierdie gesag is die *extra nos*, die *pro nobis* en die *in nobis* nie inhoudelik geskei as drie gebiede of drie gestaltes nie, maar is hulle *dimensioneel* op mekaar betrokke as die één gestalte van die Woord.’ (op cit 166)

⁶⁷⁸ Calvin verklaar die regverdiging uit geloof alleen die ‘*praecipuus sustinendae religionis cardo*’ CR 50, 533. Dis vir Calvin die hartstuk van sy godsdiens, nie van ‘n teologiese sisteem nie.

⁶⁷⁹ Rossouw 1963:168 ev.

⁶⁸⁰ (op cit 174-5) Die *sola scriptura* en *solus Christus* was ‘n negatiewe protes teen die heerskappy van ‘n hiërargiese kerklike struktuur, maar ook positief ‘n aanvaarding van Christus se gesag oor die kerk. Christus se gesag wat Hy uitoefen deur sy Woord. In die Middeleeuse kerk het hierdie histories-eskatologiese visie op die ryk van Christus ontbreek.

⁶⁸¹ ‘Faith cannot stand otherwise than by looking to the coming Christ. (*Com. 1 Joh 3:2*) The reason for that is that faith involves union with the advent Christ and so merges with hope.’ Torrance, T.F. 1955. *Kingdom and Church: a study in the Theology of the reformation*. Edinburgh: Oliver and Boyd, 103. ‘Want die ryk wat in die evangelie aangebied word, is ‘n ryk waarvan die voleindigende vervulling nog uitstaande is, ‘n ryk wat ‘n eskatologiese dimensie het, en daarom staan onder die spanning van die “alreeds” en die “nog nie”. Geloof verlê die sentrum van

Die waarheid van die openbaring is dus nie ‘n waarheid omtrent God en goddelike dinge nie, maar ‘n waarheid waarin God self die mens ontmoet. En die kerk is nie hulle wat eenmaal hierdie waarheid gesnap of onder die knie gekry het nie, maar hulle wat in geloof oop bly vir die Here van hierdie waarheid.⁶⁸²

Hierdie waarheid kom na ons toe, nie anders as deur die Skrifwoord nie.⁶⁸³ Dis ‘n woord wat meer is as historiese berigte. Die evangeliste berig nie net nie, maar verklaar met watter doel alles geskied het. Die waarheid wat die Skrif onderrig is die waarheid van God se heilsopenbaring en dit word alleen geken deur die geloof.; geloof nie as ‘n subjektiewe gelowigheid, onmiddellike intuïsie of mistieke beleving nie, maar as *cognitio*. Dit het ‘n vaste keninhoud waarvoor dit volkome aangewese is op die onderrig van die Skrif.⁶⁸⁴

Vir die reformasie het dit wel gegaan om *doctrina*. Rossouw:

Die stryd het nie in die eerste plek gegaan om die praktiese misstande in die pouslike kerk nie, maar om die verminking van die Skrifopenbaring in die kerklike onderrig.’ ... ‘Die reformasie het geen “ondogmatiese” of “praktiese” Christendom verteenwoordig nie. Dit was nie in die eerste plek gesteld op subjektiewe ervaring teenoor die massale “objektiwiteit” van die Middeleeuse sakramentalisme en institusionalisme nie. Dit was wel in die eerste plek gesteld op die suiwerheid van die Bybelse boodskap in sy dogmatiese algemeen-geldigheid vir die kerk as gemeenskap van gelowiges.’⁶⁸⁵

Dit het die kerk uitgedruk as belydenis in *doctrina*. Hierdie *doctrina* staan nie teenoor die *solus Scriptura*, nie maar het alles daarmee te doen. Dit skerm die *solus Christus* af teen alle spiritualisme en mistisisme. Omgekeerd staan die *doctrina* ook in ‘n noue verband tot die *solus Christus*, skerm die *doctrina* af van intellektualisme en wettisisme.⁶⁸⁶ ‘n Geloof wat verstaan wat dit glo en daarom seker is, kan nie anders as om die geloofsinhoud te *bely* nie. Hierdie belydenis kan nie anders nie as om in *assertiones*, dit wil sê bindende teologiese uitsprake, uitgedruk te word nie.⁶⁸⁷ Hierdie stellings berus nie op subjektiewe menings nie, want dit berus nie op

ons lewe op aarde na die hemel, dit is ‘n antisipasie op die Koninkryk van die hemele waaraan God die sondaar uit louter genade tans reeds laat partisipeer.’ (Rossouw 1963:175) die oriëntasie van die geloof op die toekoms beteken nie ‘n wêreldontvlugting nie. Die *meditatio vitae futurae* by Calvyn plaas juis die gelowige op die weg van heiligmaking.

⁶⁸² Dit gaan om die ‘Herrengeheimnis’ van die openbaringswaarheid. Rossouw (op cit 177) verwys na Vogel se term. Vogel, H 1958. *Wenn ist ein theologisches Satz wahr?* KuD, 179.

⁶⁸³ Die oorspronklike gestalte van die heilswaarheid is die Christus van die Skrifte.

⁶⁸⁴ Calvyn verklaar dat die *nuda historia* van Christus se geboorte, dood en opstanding van geen nut vir ons saligheid sou gewees het nie. Die evangeliste berig nie net nie, maar verklaar ook “in quem finem” met watter doel alles geskied het en verder “quis inde ad nos redeat fructus”. (Rossouw 1963:178 n 118)

⁶⁸⁵ op cit 178.

⁶⁸⁶ ‘As geloof kennis is, dan is dit nie onverskillig wat geken word nie. As geloof gemeenskap is, dan kan dit nie ‘n blote objektiewe wete of blinde gehoorsaamheid wees nie. In die stryd om die *doctrina* gaan dit om die ware geloof en daarmee om die ware gemeenskap met die waarheid wat Jesus Christus is.’ (op cit 179)

⁶⁸⁷ Luther in sy stryd met Erasmus beklemtoon die feit dat die Skrif duidelik is en dat ‘n mens wel bindende uitsprake op grond daarvan kan maak. (op cit 181)

‘ervaring’ nie. ‘Hierdie *assertiones* is sekerder en vaster as die lewe self en as elke ervaring. Omdat die Heilige Gees self die subjek is van die *assertiones* en van die sekerheid waarop dit berus.’⁶⁸⁸ Dit is stellinge waarvoor mens selfs bereid sal wees om te sterwe.

Hier is ‘n klemverskuiwing aan te merk tussen Luther en Calvyn. Waar Luther die geloofsinhoud baie sterk Christosentries fokus, dit vorm die dogmatiese horison waarteen hy die Skrif lees, vind ons dat Calvyn hom sterker laat bepaal deur die Skrifboodskap as geheel. Die beginsel van die *sola scriptura* vorm Calvyn se dogmatiese horison. Daarvolgens sien Calvyn die mens as wese wat bestem is om in ‘n verhouding met God te leef. In die ware Godskennis vervul die mens sy bestemming as mens, want die ware Godskennis is ten diepste verbind met die ware kennis van die self.⁶⁸⁹ Met hierdie ware Godskennis wat Calvyn beskryf as ‘*conditio vitae*’, bedoel Calvyn nie ‘n starre intellektualisme nie, maar ‘n bestaanskennis.’⁶⁹⁰ Ware kennis van God beteken ware gemeenskap met God. Die situasie van die mens is egter dat hy vanweë die sonde nie hierdie ware Godskennis in homself het nie, daarmee saam ontbreek die ware gemeenskap met God. Weliswaar is daar ‘n ‘*semen religionis*’ in die hart van die sondige mens. Die breuk van die sonde is sodanig dat hierdie saad van die religie nie tot ware Godskennis kan lei nie. Vir die herstel van die ware kennis van God en die self, is die mens aangewese op die genadige inisiatief van God wat Hom in sy Woord geopenbaar het. Die vleesgeworde Woord, dit is die Seun van God, het tussen ons en die Vader gekom as Middelaar om vir ons toegang tot God moontlik te maak. God word op geen ander wyse aan ons bekend as in en deur Jesus Christus. ‘*Ons is blind vir die lig van God totdat dit in Jesus Christus op ons straal.*’⁶⁹¹ Rossouw maak die gevolgtrekking dat ons Calvyn se Openbaringsbegrip wel Christosentries kon noem; hy verskil egter van Luther daarin dat hy die dogmatiese probleemstelling ten opsigte van die Woord nie vereng tot die soteriologiese nie. Ons ontmoet God ook as ons Skepper in Jesus Christus.⁶⁹² ‘*Die ware Godskennis wat in die doctrina van die Openbaringswoord aan ons meegedeel word, beteken vir die sondaar, wanneer hy hierdie doctrina in die geloof omhels, persoonlike heil,*

⁶⁸⁸ Luther aanvaar dat daar verborgenhede van God is wat ons nie kan ken nie, verborgenhede wat God nie wou openbaar nie, Die geloof korrespondeer egter nie met die verborgenhede nie, maar met dit wat God wel geopenbaar het. Luther tref ook die onderskeid tussen die *Deus absconditus* en die *Deus revelatus*. (op cit 183)

⁶⁸⁹ ‘What is the method of knowing him duly? A: To place our whole confidence in him; to study to serve him during our whole life by obeying his will; to call upon him in all our necessities, seeking salvation and every good thing that can be desired in him; lastly, to acknowledge him both with heart and lips, as the sole Author of all blessings.’ Eerste vraag van die Geneefse Kategismus 1541. Dillenberger, J ed 1971. *John Calvin. Selection of his writings*. Anchor books, 249. Sien ook *Inst*, I, 1, 1 en 2.

⁶⁹⁰ Rossouw 1963:194.

⁶⁹¹ op cit 194-5. ‘For Calvin, Jesus Christ is the only source and centre to which men must come to know God and to share the life of God.’ vgl. *Com*. 1 Joh 1:22. (Wallace 1953: 61)

⁶⁹² ‘Calvin richtet seine Gedankenführung christozentrisch aus; aber das heißt nicht, daß er das Thema unserer Erlösung zu dem einzigen Gegenstand seiner Überlegungen macht ... [E]s geht um die Erkenntnis Gottes und unseres eigenen Wesens. Wir kommen zur Erkenntnis Gottes allein durch das Zeugnis der Heiligen Schrift, anders ausgedrückt: Wir gewinnen nur durch der Kern dieses Zeugnisses: Jesus Christus, einen Zugang zu Gott. Aber indem Gott sich uns auf diese Weise offenbart, tritt er uns zunächst als unser Schöpfer entgegen.’ (Niesel 1957:60)

maar terselfdertyd sluit dit ook in sigself ‘n erkenning in van Gods “roem”, van sy “eer” en “majesteit”, ‘n erkenning wat sig in die persoonlike lewe van die mens uitwerk.’⁶⁹³

Ons kom by die tweede dimensie, naamlik die belofte dimensie. Die Woord kom as belofte gerig tot die mens. Dit gaan oor meer as net kennisname van gebeure in die verlede. As belofte stel dit die waarheid waarom dit gaan ook teenwoordig as ‘n konkrete werklikheid. Dit is wat Luther en Calvyn na vore bring met die beklemtoning van die ‘*pro nobis*’ karakter van die Skrifinhoud. Dit kom as ‘n aanspraak en toesegging.’⁶⁹⁴ In die *pro me* gaan dit vir die reformasie nie om die teenstelling subjektiwiteit en objektiwiteit nie.⁶⁹⁵ Die belofte karakter van die Woord is deel van die struktuur daarvan, dit is wesenlik gerig op die konkrete mens. God spreek sy Woord nie in die niet nie; God se Woord het ‘n spesifieke adres, dis gerig: ‘*pro nobis, pro me*’.

Wie is hierdie ‘ek’ tot wie die Woord gerig is?

Hierdie ‘ek’ is nie die individuele empiriese ek wat outobiografiese mededeling doen oor sy subjektiewe ervaring van God en sy Woord nie. Hierdie ek is die ek soos dit deur God geken is van alle ewigheid af. Dit is die ek wat in Christus verborge is by God en daarom alleen in die geloof geken kan word. Die ek van die reformatoriese pro me is geen anonieme subjek op wie die waarheid van die Woord toegepas moet word nie, maar dit is die ek wat van alle ewigheid af behoort by die Woord, die ek wat in die Woord by sy naam geroep word uit die anonimiteit van ‘n eensame verlorenheid tot gemeenskap van die Vaderhuis, tot die gemeenskap van die Godsvolk.’⁶⁹⁶

En wie is die ons? Dit is hulle wat as hoorders by die Woord hoort. Hierdie ‘hoort’ is nie ‘n vanselfsprekendheid nie, maar is gegrond in Gods ewige vryheid en soewereiniteit. Hierdie ‘ons’ is die *ekklesia*; dit is nie die mensheid sonder meer nie; dit is diegene wie God by hulle name geroep het.⁶⁹⁷ Daarom is geloof nie slegs kennisname van die verkondigde waarheid nie; vir die geloof is Christus self teenwoordig; in die geloof staan die gelowige *coram Deo*.⁶⁹⁸

⁶⁹³ ‘Die heil van die mens is vir Calvyn nie ‘n doel in sigself nie, maar die herstel van die gemeenskap met God vind sy uiteindelige bestemming in die verheerliking van God die Vader, in die *solī Deo gloria*.’ (op cit 196) Verwys na die werk van Hauck, W A 1939. *Christusglaube und Gottesoffenbarung nach Calvin*, Gütersloh, 18. waar Calvyn die doel van die Christelike religie stel onder die tweërlei gesigspunt van heilskennis of heilsgeloof én waaragtige Godsverering.

⁶⁹⁴ Die Skrif is nie bloot historiese berig of metafisiese dokument wat die mens se bestaan self onaangeraak laat nie. ‘Dit is veeleer intensioneel gerig op die *concretissimum* van die menslike bestaan....[D]ie Skrifinhoud wil werksaam word aan en in die mens.’ Die Christus waaroor dit gaan is die Christus *pro nobis*. (op cit 203)

⁶⁹⁵ Die reformasie het nie dieselfde daarmee bedoel as die ‘ondogmatiese Christendom’ van die moderne Protestantisme sedert Kant nie...[D]ie Openbaringswaarheid bestaan alleen in sy praktiese funksionaliteit vir die *individuele* gelowige...[A]gter hierdie aanwending van die *pro me* staan in die laaste instansie die teenstelling tussen praktyk en teorie, tussen lewe en leer.’ (op cit 201) Rossouw verwys na Iwand, H J 1954. *Wider den Misbrauch des “pro me” als methodisches Prinzip in der Theologie*. EvTh, 120.

⁶⁹⁶ op cit 204.

⁶⁹⁷ ‘God spreek nie maar slegs algemene waarheid uit wat as sodanig deur ‘n anonieme subjek ontdek en nagespeur kan word nie. God spreek sy Woord in ‘n konkretiserende betrokkenheid op die besondere. Hy versamel vir Hom ‘n gemeente. Sy Woord is nie sonder sy volk nie. Die Hoof is nie sonder die liggaam nie. Die kerk is die oord waar die Woord sy intensionele gerigtheid verwerklik. Die geldigheid van die Openbaringswaarheid is nie die geldigheid van

Hierdie teenwoordigheid van Christus staan egter in die teken van die eskatologiese spanning tussen die ‘alreeds’ van sy eerste koms en die ‘nog nie’ van sy wederkoms. Dit wil sê Christus is teenwoordig as die komende Verlosser. Daarom is sy teenwoordigheid afhanklik van die getuienis van die Skrif. Die funksie van die Skrif by hierdie teenwoordigheid van Christus is nie slegs georiënteer aan die verlede nie, maar aan die *toekoms*. Daarom kom die Skrif met ‘n toesegging, maar ook ‘n belofte. Dit wek ‘n verwagting.

As belofte is die leerinhoud van die Skrif betrokke in die lewens van gelowiges en betrek dit die mens by die waarheid. As belofte roep die Skrif geloof op. Daarom is geloof ook vertrou.⁶⁹⁹

Die primêre karakter van die Skrif is daarom nie die van ‘n historiese oerbron nie, maar van ‘n persoonlik gerigte boodskap. Met die boodskapskarakter van die Skrif is ook die noodsaak gegee van die verkondiging en daarom is die verkondiging die weg van kerklike heilsbemiddeling.⁷⁰⁰

Daar is ook ‘n derde dimensie teenwoordig naamlik ‘n ‘vervullingsdimensie’. Rossouw:

*As belofte, as persoonlike toesegging dus, is die Openbaringswoord egter nie blote mededeling in die sin van informasie nie. Dit is mededeling in die pregnante sin van deelgee-aan. Gods Beloftewoord is tewens Gods daad waardeur die mens ingevoeg word in en deel verkry aan die eskatologiese werklikheid van die komende Ryk wat in die Belofte woord beloof word. In die geloof word die belofte verneem én vervul. Dit behoort tot die wese van die Woord dat dit gehoor word. Die korrelasie tussen Woord en gehoor, tussen Openbaring en geloof, is onverbreeklik. Die Woord verwerklik dit wat dit uitspreek. Dit beteken dat die vervulling van die belofte self ‘n dimensie is van die funksie en gesag van die Woord van God in die religieuse heilsituasie coram Deo.*⁷⁰¹

Belangrik is dat die heilstoeiening vir die hervormers nie ‘n subjektiewe toe-eiening is van iets wat objektief vasstaan nie. ‘Die geloof waarin die belofte verneem en vervul word, is vir die reformatore geen beslissing van menslike vryheid téénoor ‘n objektiewe grootheid wat aan die mens voorgehou word nie. Dit is veeleer die opgeneem word van die mens deur die Woord in die

‘n wetenskaplike feit wat algemeen geverifieer kan word nie, maar dit is die geldigheid van ‘n lewende aanspraak wat sy universaliteit self verifieer in die katolesiteit van die *ekklesia*.’ (op cit:204) Die reformatore wys alle goedkoop universalisme af; God roep by die naam; Hy ken die wat aan Hom behoort

⁶⁹⁸ Voor-reformatories word daar gewerk met die gedagte van die *representatio Christi* in aansluiting by die siening van die Skrif as wetboek of metafisiese geskrif; na-reformatories word gewerk met die gedagte van *praesentia Christi*. ‘Die geloof, sê Luther, máák regverdig omdat Christus konkreet daarin téénwoordig is.’ Rossouw verwys na WA 40/I, 229: ‘...iustificat fides, quia Christus adest,’ (op cit 206) Die gelowige staan *coram Deo*.

⁶⁹⁹ ‘Geloof is vertrou op Gods trou, op Gods waaragtigheid soos dit heilshistories geopenbaar is in die *efapax* van die Skrifopenbaring...[I]n die tema van die Verbond het veral Calvyn die teologiese sleutel gevind vir die ontvouing van die Skrifwaarheid in sy heilshistoriese bepaaldheid en sy daarmee gepaardgaande gerigtheid op die “ons” van die *ekklesia* as die oord waarin God sy eskatologiese heilsdoel verwerklik.’ (op cit 207)

⁷⁰⁰ Veral Luther se Skrifbeskouing is hierdeur beheers; as evangelie van die vreemde vryspraak wil die evangelie eintlik nie as geskrewe dokument verstaan word nie, maar as mondelinge oorlewering. ‘Die Skrif wil gehoor word as die boodskap van die vreemde geregtigheid wat van buite af op ons afkom.’ (op cit 210)

⁷⁰¹ op cit 224.

*volheid van Gods beslissing oor en vir die sondaar, d.w.s. in die volheid van Gods raadsbesluite soos dit heilshistories geopenbaar is in die werklikheid van die Immanuel.*⁷⁰²

Die vervulling word nie afhanklik gestel van die mens en sy samewerking nie. Dit word enkel en alleen moontlik gemaak deur God se toewending, deur sy lewende Woord. Tog is ook hier geen sprake van 'n outomatisme nie want ook in sy spreke bly God die Heer. Dit beteken God is Gees. Daarom moet ons verder leer: *'In die vervullingsdimensie van die Skrifgesag gaan dit om die verbondenheid van Woord en Gees. Christus is vir die geloof werklik teenwoordig in sy Woord – maar dan nie anders as deur sy Gees nie.'*⁷⁰³

Calvyn bied in sy leer van die *'testimonium Spiritus Sancti internum'*, 'n uitgewerkte tematisering van die besondere werksaamheid van die Gees en daarmee saam van die 'vervullingsdimensie' in die funksie en gesag van die Skrif as lewende Woord van God.⁷⁰⁴ Aan die een kant bestaan die innerlike getuienis van die Gees daarin dat ons verstand verlig word en ons oortuig word van die goddelike gesag van die Skrif as die Woord van God; andersyds in die gebeure waardeur Gods ewige heilsbeloftes in ons hart verseël word en ons dus ook oortuig word van die waarheid van die Skrifinhoud. Hierin gaan dit nie om twee aparte sake nie, maar om die één *testimonium* van die Gees waarin Gods Openbaringswaarheid in sy *'pro nobis'* struktuur as belofte *'in nobis'* vervul word. In Calvyn se uitsprake is daar altyd twee lyne. Daar is uitsprake wat die genoegsaamheid van die Skrif beklemtoon en daar is uitsprake wat die verligting deur die Heilige Gees beklemtoon.⁷⁰⁵ Om hierdie twee lyne te verstaan is dit belangrik om te let op wat Krusche na vore gebring het in verband met Calvyn se leer oor die *'testimonium Spiritus Sancti'*. Calvyn se siening van die Skrif as lewende Woord van God moet gesien word teen die agtergrond van die getuienis van die Heilige Gees. Die Heilige Gees rus die apostels en profete toe om getuies te wees van Gods eenmalige Openbaring. Die Skrif het daarom gesag as Woord van God, nie net omdat dit van Jesus Christus getuig nie, maar omdat God self deur die inspirasie van die Gees die Outeur van die Skrif is. God spreek self in en deur die mense woorde van die Bybel. Daarom is daar ten opsigte van die begroning van die gesag van die Skrif vir Calvyn nie 'n dilemma tussen die Christologiese inhoud in die Skrif en die inspirasie deur die

⁷⁰² Die mens is nie vry om die heilswaarheid te aanvaar of nie te aanvaar nie, want hy leef in die gevangenskap onder die sonde. Die wil van die mens is 'n knegtelike wil. Daarom is die mens vir sy verlossing tot die vryheid van die kinders van God resloos aangewys op Gods genadige inisiatief in die gawe van sy Woord, in die sending en die koms van sy Seun.' (op cit 225)

⁷⁰³ 'Dat die reformatore dit weer ontdek het, kan die dogma-historiese *novum* van die hervorming genoem word. Luther en Calvyn het vir die eerste maal in die geskiedenis van die kerk 'n konsekwent trinitariese teologie ingelui.' (op cit 226)

⁷⁰⁴ op cit 236.

⁷⁰⁵ 'God het 'n "*duplicum ... docendi modum*" Daarom bestaan die leerwyse waarvan die profete spreek nie net in die uiterlike spraak nie, maar ook in die geheime werksaamheid van die Gees in die hart van die mens.' (op cit 238) Rossouw haal aan CR 47, 149: '*... non in externa tantum voce sita est, sed in arcana etiam spiritus sancti operatione. In summa, hoc Dei magisterium est interior cordis illuminatio.*'

Gees nie. *‘Want in sy leer van die inspirasie gaan dit nie maar bloot vir Calvyn om die teoretiese vraag na die oorsprong van die Skrif as gesaghebbende kenprinsiep van die Openbaringswaarheid nie. Dit gaan veeleer om die religieuse vraag na die betroubaarheid van die Skrifinhoud as gesaghebbende Woord van God en daarom as grond vir die geloof van die ekklesia.’*⁷⁰⁶ ‘n Verdere faset aan hierdie getuieniswerk van die Heilige Gees behels die kerklike verkondiging. Dis die Heilige Gees wat die kerk toerus met die gawe om die Skrif te verkondig. So werk die Heilige Gees nie misties en spiritualisties nie, maar maak gebruik van die gawes van mense.⁷⁰⁷ Deurdat die Gees hierdie getuienis werksaam maak in die harte van ander, *oortuig* dit ook, roep dit geloof op en skenk dit sekerheid aangaande die waarheid van die verkondigde boodskap; ook sekerheid aangaande die heil wat in die lewende Heer van hierdie waarheid in al sy volheid teenwoordig is. Calvyn dink dus vanuit die getuienis van die Gees, maar maak dit nooit los van die Skrifgesag en die werking van die verkondigde Skrifwoord nie. Calvyn ken geen dualisme tussen Woord en Gees nie. Hoewel Calvyn dus saaklik onderskei tussen die verliggende werk van die Gees en die lig wat van die Skrif uitstraal, mag die saaklike eenheid nie uit die oog verloor word nie. *‘Want die Gees wat innerlike getuig in die hart van die gelowige is nie ‘n subjektiewe gees wat uit die mens opkom nie, maar is dieselfde Gees wat die Skrif “gedikteer” het en deur die mond van profete en apostels gespreek het.’*⁷⁰⁸

*Die verstaan van die Skrif is dus nie bloot die intellektuele insig van die outonome denke in die objektiewe waarheid van die Skrif nie. Dit is veeleer ‘n ‘Verstehensereignis’ waarin die bestaan van die sondaar verstaanbaar gemaak word daarin dat dit deur die Skrifwaarheid verstaan word. Hierdie ‘Verstehensereignis’ beteken heil vir die sondaar omdat dit nie buite die bestaan van die sondaar om voltrek word nie, maar as die ‘Verstehensereignis’ van die geloof juis in en deur die konkrete bestaan geskied. Die verstaan van die Skrifwaarheid behels nie bloot ‘n intellektuele problematiek nie, maar behels ‘n eksistensiële problematiek waarin dit gaan om heil of onheil, om geloof of ongeloof.’*⁷⁰⁹

Alleen die Gees kan die Skrif verstaanbaar maak; alleen die Gees kan die Skrif reg vertolk.

⁷⁰⁶ ‘Calvins Inspirationslehre hat aber darin ihre seelsorgerliche Spitze, die ihm Anvertrauten zu versichern, dass die Bibel, die sie in Händen haben und die im Gottesdienst vorgelesen und ausgelegt wird, also die Bibel, *wie sie im kirchlichen Gebrauch ist*, unbedingt vertrauenswürdig und verlässlich ist.’ (Krusche 1957:178) Calvyn se inspirasieleer word dus gedra deur ‘n heilshistoriese denke, en kom nie voort uit ‘n blote teoretiese interesse in die wese van die Skrif as ‘n geïsoleerde en objektiewe gegewe *an sich* nie, maar word gedra deur ‘n heilshistoriese denke wat die gesag en die funksie van die Skrifkanon sien binne die kontoere van Gods heilshandeling met die sondaar in die koms van sy Koninkryk, d.w.s. binne die korrelasie tussen Openbaring en geloof waarin die getuienis van die Gees sy funksionele oord het.’ (Rossouw 1963:239)

⁷⁰⁷ ‘Sodat ons dus kan weet dat ‘n onwaardeerbare skat in houers van klei vir ons aangebied word.’ (*Inst.* IV, 1, 5:1273)

⁷⁰⁸ Rossouw 1963:242.

⁷⁰⁹ op cit 244.

Die Skrif word verstaan daarin dat dit tot verstaan bring. Die Skrif maak sigself verstaanbaar daarin dat dit die religieuse duisternis van die ongeloof oorwin en so die hart van die mens verlig tot geloof en daarmee tot die ware Godskennis en selfkennis wat in die Skrif as die waarheid van Gods Openbaring uitgespreek word. Dit is die diepste sin van die reformatoriese leer dat die Skrif sy eie vertolker is.⁷¹⁰

⁷¹⁰ 'Dat die Skrif sy eie vertolker is, is dus nie blote uitdrukking van 'n eksegeties-tegniese reël nie. Dit gaan om die klaarheid van die Skrif. En dit omskryf 'n religieuse werklikheid...[D]ie klaarheid van die Skrif is die lig van Gods Openbaring wat nie anders as in die verligting deur die Gees geken kan word nie.' (op cit 245)

8 GEBED AS ERVARING VAN WIE GOD REGTIG IS

Die logika van die geloof vra na gebed. Gebed kan beskryf word as die oefening van dié logika.⁷¹¹ In die korrelasie tussen openbaring en geloof gebeur die heil vir die mens. Gebed is dié uitdrukking van hierdie heilsgebeure. Calvyn plaas die gebed na die *credo* en die gebod in sy kategismus. Die vraag is: kan ek as Christen dit wat ek glo uitleef in my alledaagse lewe? Die antwoord op hierdie vraag lê volgens Calvyn in gebed. Ek moet leer wat gebed behels; Ek moet God vra om my te hulp te kom.⁷¹²

Anders as wat die logika voorskryf dat eers gevra word na die moontlikheid en sekerheid van gebedsverhoring, voordat ons tot gebed oorgaan, leer die logika van die geloof ons, ons mag begin met die sekerheid van gebedsverhoring. Daar hoef geen twyfel te wees dat God ons Vader in Christus ons gebede wel verhoor nie.⁷¹³

Vanwaar hierdie sekerheid? Hier word ons herinner aan artikels van die Kategismus van Calvyn wat handel oor die werk van Christus. Ons herinner aan Calvyn se woorde ‘ons bid deur sy mond’.⁷¹⁴ Ons gebed neem eintlik die gebed op wat Hy deur sy lewe heen gebid het. Om nie te bid nie, beteken dat ons dit wat God in Christus gedoen het gering skat. Dis so goed asof ons ‘n geskenk nie aanvaar nie. Daarom wie ‘n Christen is, bid; Christen wees en bid is een dieselfde. Daarom noem die Heidelbergse Kategismus gebed die belangrikste uitdrukking van ons dankbaarheid. Eintlik is dit ‘n daad van erkentlikheid teenoor God vir dit wat Hy in Christus vir ons gedoen het. God maak vir ons die pad oop sodat ons met al ons menslike node en behoeftes na Hom toe kan kom; ons moet egter sy weg volg; daarom leer Jesus sy dissipels die Ons Vader gebed.⁷¹⁵

⁷¹¹ Battles verwys na ‘Calvins theology of prayer, “the chief exercise of faith”’. (Battles 1978:117). ‘Het voornaamste, waarin de kinderen Gods zich hebben te oefenen, is het bidden. Want het is ook een duidelijk blijk van de eghtheid van ons geloof, als wij onze toevlucht tot God nemen en wij Zijn naam aanroepen, opdat ieder niet enkel aan zichzelf bezorgd is, maar dat wij daaronder in het algemeen allen begrijpen, die met ons verbonden zijn en met wie wij eenige gemeenschap hebben.’ (Verw na sy preek oor 1 Tim 2:1-2 in Douma se vertaling, deel V, 189; sien ook *Com. Matt 21:21; Ps. 54:6; Ps 91:15 en Inst. III, 20, 1*) Wallace, R S 1959. *Calvin’s doctrine of the christian life*. Edeinburgh: Oliver and Boyd, 271.

⁷¹² ‘... kan ich, der ich ein Christ bin, wahrhaftig nach dem Wort des Evangeliums und des Gesetztes, nach meinen Glauben und im Gehorsam leben? ... Dazu müssen wir hören, was über das Gebet gesagt ist und Gott selber bitten, daß er uns zu Hilfe komme, daß er uns unterweise, daß er uns die Möglichkeit gebe, auf diesem Weg zu gehen.’ Barth, K 1965. *Das Vaterunser nach den Katechismus der Reformation*. Zürich: EVZ Verlag, 20.

⁷¹³ ‘Calvin sagt es ausdrücklich: Wir erlangen, was wir verlangen. Unser Gebet ist auf diese Zusicherung gegründet.’ (Barth 1965:25) Sien ook vraag 129 van die Heidelbergse Kategismus.

⁷¹⁴ op cit 27.

⁷¹⁵ ‘So ist der Wille Gottes zu unseren Gunsten, sein erbarmen in Jesus, ein entscheidendes Element in der Frage, die uns beschäftigt. Der Heidelberger Katechismus versichert in Frage 117, “da wir diesen festen Grund haben, dass Gott unser Gebet, ob wir auch diesen unrichtig sind, doch um unseres Herrn Jesu Christi willen gewisslich wolle erhören.’ (op cit 34)

8.1 Die trinitariese begroting van gebed by Calvin

8.1.1 Calvin se kragtige pneumatologie

Calvin staan in die dogmengeskiedenis bekend as verdediger van die Triniteit. Hy neem die ouderkerklike Triniteitsleer in volle omvang oor.⁷¹⁶ Calvin word verdediger van 'n Triniteitsleer waarin alle vorme van 'subordianisme' uitgeskakel is.⁷¹⁷

In samehang met deel III van die *Institusie*, kan gekyk word na die betekenis van Calvin se Pneumatologie en die betekenis daarvan vir die gebed.⁷¹⁸ Boek III is met 'n besondere doel geskryf. Dit word duidelik wanneer die opskrifte van elke boek met mekaar vergelyk word. Boek 1 handel oor *De cognitione dei creatoris*; boek 2, *de cognitione dei redemptoris*, dan volg die groot wending: boek 3 handel oor '*De modo percipiendae Christi gratiae, et qui inde fructus nobis proveniant, et qui effectus consequantur*', dit is: '*Die manier waarop ons die genade van Christus ontvang, die voordeel wat dit vir ons inhou, en die resultaat daarvan.*'⁷¹⁹ Die gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat die *cognitio* van boeke 1 en 2 nie bloot handel oor 'n kennisname nie, maar deelname en betrokkenheid. Soos die opskrif van *Institusie*, boek III, dit stel gaan dit om 'n eksistensiële betrokkenheid by hierdie kennis van God.⁷²⁰ Ook die vrug en effek van die kennis van God moet in hoofletters geskryf word. Die *Deus* en *Christus* van *Institusie*, boek I en II is wel '*extra nos*', maar bly nie '*extra nos*' nie. Die genade dra vrug in ons. Hieruit blyk duidelik die problematiek van God se werk en die mens se betrokkenheid.

Die gedagte van deelname aan die heil word ook duidelik in die inleidingsgedeelte van die derde deel van boek III, wat van die mooiste dele van die *Institusie* is. Dit handel oor God se genadewerk op die vlak van die mens sonder, dat dit die mens oorweldig en sonder om hom te

⁷¹⁶ 'Calvin hatte die traditionelle Trinitätslehre ohne den geringsten Vorbehalt übernommen. Die gleiche enge Bindung an die traditionelle Dogmatik kann man in seiner Christologie feststellen.' (Wendel 1968:187) Verwys na die anti-trinitariër stryd en die Servet stryd. (Scholl 1968:77)

⁷¹⁷ '... endgültig allen Subordinationismus ausgeschieden zu haben' (Krusche 1957:1)

⁷¹⁸ Scholl maak die opmerking dat dit vreemd is dat gebed ontbreek in die werk van Krusche. 'n Moontlike aanduiding daarvan dat sistematiese nadenke oor gebed as iets vreemds beskou word, netso vreemd dat gebed as werk van die Heilige Gees beskou kan word. (Scholl 1968:77 n 3)

⁷¹⁹ Calvin, J 1991. *Institusie van die Christelike godsdiens*, vol I-IV. vert Simpson, H W. Potchefstroom: CJBF.

⁷²⁰ 'Niemals kann hier Gott einfach als 'Gegenstand' unserer Erkenntnis gedacht werden. Alles vollzieht sich in dem lebendigen Gegenüber- und Miteinander-Handeln von ich und Du bei Gott und Mensch. Eintlik geld die bekende inleidingsin van I, 1,1 oor God en selfkennis Calvin se hele werk. In *Institusie* III word hierdie kennis baie eksistensiël. 'beachtet man dabei die von Calvin so stark betonte gegenseitige Bedingtheit von Gottes- und Selbererkenntnis, so wird hier schon sichtbar, daß es ein abstraktes, bloß theoretische Erkennen Gottes nicht gibt. Und doch zeigt schon jenes Reden von den zwei Stücken unserer Weisheit, wie weltenweit Calvin von jedem mystischen Pantheismus entfernt ist. Der Mystiker wurde sagen, Selbsterkenntnis und Gotteserkenntnis wäre im tiefsten Grunde ein und dasselbe. Es gibt auch hier bloß gedankliches Erfassen des Gottesbegriff – quod sit Deus -, es geht um das Kennen Gottes, wie er ist – qualis sit ... [S]o ist dann verständlich, daß es bei diesem lebendigen gegenüber des Menschen und den sich überall offenbarenden Gott geht: ... [U]nd diese 'pietas' kann nun wiederum, wie wir gesehen haben, nicht kenngelernt werden, ohne daß sie eine "Entscheidung" eine Lebenswende herbeiführen. Die *vera pietas* muß "geschmeckt" werden.' Sprenger, P 1960. *Das Rätsel um die Bekehrung Calvins*. Neukircherer Verlag, 94 ev.

vergoddelik. Dat dit moontlik is en werklikheid word, is te danke aan die geheimnisvolle werk van die Heilige Gees. Die gedagtegang van boek III, hoofstuk 1 is as volg: Die gawe van Christus moet ons ten goede kom. Dit geskied alleen wanneer Christus nie ‘*extra nos*’ bly nie. Alles hang af van die vereniging met Christus. Dan volg die belangrike woorde: ‘*Om dus die dinge wat Hy van sy Vader ontvang het, met ons te deel moes Hy ons eie word en in ons inwoon. Daarom word Hy enersyds ons Hoof en andersyds ook die Eersgeborene onder baie broers genoem. Op ons beurt word van ons gesê dat ons in Hom ingelyf word en dat ons ons met Hom bekleë.*’⁷²¹ Dit alles is ‘n geskenk en word in geloof ontvang. Die kwessie van ongeloof dwing ons om te vra na die werksaamheid van die Heilige Gees. ‘*Dit is tog deur die werking van die Gees dat ons Christus en al sy seënninge kan geniet.*’⁷²² Die Heilige Gees moet werk sodat Christus nie verniet sy kosbare bloed gestort het nie. Sonder die Heilige Gees is selfs die gebed tevergeefs, ‘*frustra*’.⁷²³

Institusie III, 1, 2 beklemtoon vervolgens dat dit nie gaan om ‘n algemene geestelikheid nie. Ook in die pneumatologie staan Christus sentraal. Dit gaan om die werk van die Heilige Gees wat ons met die gawes wat Christus ons skenk, verbind. Daarin lê die sin van die Calvinistiese pneumatologie.⁷²⁴

Institusie III, 1, 3 beskryf die Gees se werking aan die hand van verskeie beelde. Die eerste is ‘*spiritus adoptionis*, wat ons onmiddellik bring by Calvyn se hooftema: ‘*vir ons ‘n getuie van die onverdiende welwillendheid*’⁷²⁵ Nadat Calvyn die verskillende beelde beskryf wat in die Skrif vir die Gees gebruik word: onderpand, seël van ons erfenis, lewe, water, salwing, vuur, bron en hand van God, keer hy terug na sy vertrekpunt: die eenheid met Christus; ‘*Hy word egter slegs deur die Gees een met ons.*’⁷²⁶ *Institusie* III, 1, 4 bring die hoofstuk tot ‘n afsluiting, wanneer dit praat oor die geloof as voorbereiding met die oog op III, 2-5 wat handel oor die tema Gees, geloof en gebed.

⁷²¹ *Inst.* III, 1, 1:699-700.

⁷²² *ibid.*

⁷²³ ‘Ohne den Heiligen Geist wäre Christus umsonst (*frustra*) als Mittler zu uns Gekommen (IV 2 39); sein Blut wäre unwirksam (*irrite*) geflossen (IV 2 1); er böte sein Licht vergeblich (*frustra*) an (IV 6 4); die Evangeliumpredigt träre vergeblich (*frustra*) unser Ohr ... die ganze Lehre vom Heil stünde umsonst (*frustra*) in der Schrift ... die Heilsverheißung würde und vergeblich (*frustra*) angeboten.’ (Krusche 1957:12)

⁷²⁴ Die Geneefse Kategismus, vraag 92, oor die geloof in die Heilige Gees. ‘Dit het groter duidelikheid nodig. Ek begryp dit so dat die Gees van God, terwyl Hy in ons harte woon, dit so bewerk dat ons die krag van Christus ervaar, want dit geskied deur die verligting van die Heilige Gees dat ons ‘n begrip vorm van die weldade van Christus. Deur die oordringing van die Heilige Gees gebeur dit dat die seënninge op ons harte afgedruk word. Kortom, die Heilige Gees alleen gee in ons daaraan ‘n plek. Hy laat ons weergebore word en veroorsaak dat ons nuwe skepsele word. daarom ontvang ons al die gawes wat in Christus vir ons gebring word, deur die krag van die Heilige Gees.’ (*Kat* : 19)

⁷²⁵ *Inst.* III, 1, 3, 703.

⁷²⁶ *Inst.* III, 1, 3, 705.

Die opbou van *Institusie* deel III in sy geheel werp verdere lig op Calvyn se leer oor die Heilige Gees.⁷²⁷ Na III, 1-5 waar uitgewei is oor die eerste vrugte van die werk van die Heilige Gees en die tema van geloof bespreek is, kom hy in III, 6-10 by die grondslae van die etiek. Daarop volg in III, 11-18, 'n eerste teruggreep op die regverdiging wat na die behandeling van die etiek sonder enige moralistiese bagasie is. Die Christelike vryheid, III, 19 vorm daarna die voorspel tot die gebedsdeel: III, 20. Dit word behandel voordat terug gegryp word na die verkiesingsleer in III, 21-24. Dan volg die hoofstuk oor die eskatologie. Wat duidelik blyk uit hierdie indeling van die laaste uitgawe, anders as die uitgawe van 1536 waar gebed 'onderwerp naas ander is, is dat gebed as een van die vrugte van die Gees 'n baie belangrike plek inneem; 'n sleutelplek in die rype denke van Calvyn, bloot geoordeel aan die uiterlike indeling van die hoofstukke tussen die behandeling van die Christelike vryheid en die uitverkiesing. Hierdie belangrike plek neem gebed ook in die *praxis* van Calvyn se lewe in.⁷²⁸

Institusie III, 20 word dus baie duidelik binne die raamwerk van die werking van die Gees, die *arcana spiritus operatio*, veranker. Calvyn voeg in sy 1559 uitgawe, as deel van die uitleg van die woorde 'Ons Vader', die volgende by:

Omdat die beperkinge van ons hart die onmeetlikheid van so 'n goedgunstigheid nie kan bevat nie, is Christus nie alleen vir ons die pand en waarborg van ons aanneming nie, maar Hy gee ook die Gees as getuie van dieselfde aanneming aan ons, deur wie ons met 'n vrymoedige en helderklinkende stem kan uitroep: 'Abba, Vader!' (Rom. 8:15; Gal. 4:6) So dikwels as wat enige vertwyfeling dus vir ons 'n struikelblok is, moet ons onthou om Hom te vra om ons vreesagtigheid weg te neem en 'n gees van grootmoedigheid as leidsman aan ons te gee om vrymoedig te bid.⁷²⁹

Reeds in die *Institusie* uitgawe van 1539, onder invloed van sy studies oor die Romeinebrief, beantwoord Calvyn die vraag na die 'hoe' van gebed met 'n verwysing na Romeine 8. Ware gebed is 'n gawe van die Gees. Onder die werking van die Gees staan die mens egter nie soos 'n stok in 'n blok nie, maar as mens, ook nie as 'n gevange slaaf nie, maar in vryheid.⁷³⁰ Menslike inisiatief word dus juis deur die Gees gevra. Hierdie werking van die Heilige Gees blyk die eintlike geheim en sin van Calvyn se pneumatologie te wees; daarmee saam ook die eintlike wonder van gebed as 'n vrye deelname van die mens. In sy nadenke oor die werk van die Heilige Gees kom Calvyn op die spoor van die wonder van gebed en vind sy teologie juis in gebed 'n

⁷²⁷ Scholl verwys na die dramatiese opbou van die derde deel. (Scholl 1968:79)

⁷²⁸ Barth analiseer *Institusie* III, onder die gesigspunt van regverdigmaking – heiligmaking. Die gebed word in een lyn gestel met die *novitas vitae*. Dit word doelwit van die nuwe lewe. Barth, K 1955a. *Kirchliche Dogmatik*, IV/2, 576.

⁷²⁹ *Inst.* III, 20, 37, 1136.

⁷³⁰ '... ek sê dit eerder sodat ons 'n afkeer in ons luiheid en traagheid kan ontwikkel en sulke bystand van die Gees kan najaag.' (*Inst.* III, 20, 5, 1084)

duidelike *scopus*.⁷³¹ Afgesien daarvan dat baie van Calvyn se preke afsluit met ‘n vermaning tot gebed, bied baie van sy preke ‘n uitvoerige onderrig oor gebed. ‘n Christen mag werklik met vrymoedigheid die diens van gebed beoefen. Hierdie oortuiging of ‘verligting’ daartoe vind Calvyn in die leer oor die werk van die Heilige Gees.

Hoe Calvyn tot hierdie oortuiging gekom het, blyk uit die belangrike rol wat sy eksegeese van Romeine 8 in die verband speel. Die verstaan van die Romeinebrief speel ook ‘n groot rol in die ontstaan van die tweede uitgawe van die Institusie.⁷³² Die invloed van Calvyn se eksegeese van die Romeine brief op sy hele teologie kan nie onderskat word nie. Hier is veral van belang sy uitleg van die uitsprake oor gebed in Romeine 8. Calvyn se uitleg van Romeine 7 en 8 vorm ‘n hoogtepunt in sy teologie. Romeine 8:2 sluit aan by hoofstuk 7, maar vat alreeds hoofstuk 8 se gedagtes saam. Die wet van die Gees wys op redding wat plaasgevind het; sonde en skuld is gedelg; die mens is waarlik rein en heilig gemaak. Daarnaas staan die wet van die dood; die heerskappy van die vlees wat die mens aan die tirannie van die dood uitlewer. Tussenin is daar die wet van God wat wel geregtigheid predik, maar dit nie kan gee nie. Die verlorenheid van die mens is ‘n voldonge feit en hy is self skuldig. Dan tree die wet van die Gees in werking om die mag van die wet van die sonde te verbreek. Dit lei tot ‘n veranderde situasie wat vernuwing moontlik maak; hierdie vernuwing vind daadwerklik plaas: *‘that when we are renewed by the Spirit of God, we are at the same time justified by a gratuitous pardon, that the curse of sin may no longer abide on us.*⁷³³ Volgens Calvyn, staan regverdigmaking nooit los van heiliging nie. Sodoende ontwyk Calvyn moontlike besware teen die reformatoriese *simul iustus et peccator*. In Calvyn se uitleg word drie sake beklemtoon: 1. die swakheid van die mens; 2. die gawe van kindskap deur die Gees wat vernuwe; en 3. die eskatologiese uitsien, sug en uitstrek na die erfenis.

Eerstens, die uitsprake oor die mens se swakheid: Calvyn se uitleg geskied aan die hand van Romeine 8:26: *‘That we are blind in our addresses to God; for though we feel our evils, yet our minds are more disturbed and confused than that they can rightly choose what is meet and expedient.*⁷³⁴ Selfs die feit dat die Skrif aan ons gebede as voorbeelde gee, en so die weg tot God aandui, maak geen verskil aan ons menslike swakheid nie. Ook die feit dat die mens in gebed hom aan die reëls van die Skrif probeer hou, is alles tevergeefs sonder die werking van die Heilige Gees; sonder die Gees bly die Skrif dooie letters. Menslike swakheid neem verskillende

⁷³¹ So hält Calvin den Personalcharakter des redenden Gottes und den des angeredeten Menschen bis zuletzt durch’ (Locher: 14)

⁷³² Nie net in die 1539 weergawe nie, maar self in die laaste uitgawe van 1559 speel die uitleg van die Romeine brief ‘n rol. Scholl maak die opmerking dat Calvyn in laaste instansie geen sistematikus was nie, wel ‘n steeds dieper luisteraar na die heilige Skrif. (Scholl 1968:82 n 17)

⁷³³ *Com. Rom 8:2.*

⁷³⁴ *Com. Rom 8:26.*

gedaantes aan wat neerkom op 'n verlies van die beeld van God as gevolg van die sondeval.⁷³⁵ Die menslike swakheid is totaal; die diepte daarvan word eers duidelik as gekyk word na die positiewe uitsprake oor die werking van die Heilige Gees.

Ten spyte van menslike swakheid, vind gebed wel plaas.⁷³⁶ Hierin speel die regverdigmaking 'n deurslaggewende rol. Tog is gebed 'n grootheid *sui generis*. Calvin beklemtoon nie die swakheid van die mens nie, maar die wonder van gebed. Beide geld: die voortdurende swakheid van die mens, maar meer as dit, die magtige teenwoordigheid van die Gees as die geheim van die voortbestaan van die kerk.⁷³⁷ Die plaasvervangende werk van die Heilige Gees in gebed vind nie op dieselfde wyse plaas as die plaasvervanging van Christus ter wille van ons heil, nie. In die gebed skakel die Gees die mens volledig in; die Gees staan ons in ons swakheid by.⁷³⁸ Dit is die grootste troos om te weet God se Gees verleen hulp.⁷³⁹ Spesifiek gestel: die Gees neem die sugte van die swakke mens op. Hierdie besondere uitdrukking van God se neerdaling word verder deur Calvin beskryf. Dit beteken nie die Gees neem ons gebede oor nie. Hy inspireer ons wel om met volle oorgawe te bid.⁷⁴⁰ Hierdie inspirasie van die mens deur die Gees in gebed vorm deel van die gelowige se deelname aan die Christus geskiedenis. Ons vind hier by Calvin 'n Pneumatologiese interpretasie van die gelykenis van die verlore seun. Die uitleg van Romeine 8 bring 'n verdieping in Calvin se verklaring van die gelykenis. Die gawe van die Gees is die gawe van kindskap; die sugte van die swakke is die bede van 'n kind. Die klem val op die vrymoedigheid om te bid.⁷⁴¹

Wanneer hy die teks vanaf 8:15 verder bespreek, kom hy by wesenlike uitsprake oor gebed. Die vreugde en sekerheid van gebedsverhoring is nie alleen Christologies veranker nie, maar ook Pneumatologies. Paulus fokus hier op die positiewe feit van kindskap en die liefde van die Vader. Die geloof in hierdie liefde grond hy in die Gees van kindskap wat, ons nie alleen die moed gee om te bid nie, maar ook verseker van sy genadige vergifnis.⁷⁴² Daarom is die gebed

⁷³⁵ 'We are indeed bidden to knock; but no one can of himself premeditate even one syllable, except God by the secret impulse of his Spirit knocks at our door, and thus opens for himself our hearts.' (*Com. Rom. 8:26*)

⁷³⁶ Scholl meen dis 'n verenging om gebed alleen te verklaar vanuit die regverdiging. (Scholl 1968:84)

⁷³⁷ *ibid.*

⁷³⁸ 'For as experience shows, that except we are supported by God's hands, we are soon overwhelmed by innumerable evils,' (*Com. Rom. 8:26*)

⁷³⁹ that though we are in every respect weak, and various infirmities threaten our fall, there is yet sufficient protection in God's Spirit to preserve us from falling, and to keep us from being overwhelmed by any mass of evils.' (*ibid*)

⁷⁴⁰ 'And the Spirit is said to *intercede*, not because he really humbles himself to pray or to groan, but because he stirs up in our hearts those desires which we ought to entertain; and he also affects our hearts in such a way that these desires by their fervency penetrate into heaven itself.' (*ibid*)

⁷⁴¹ 'For the more evident the promise is, the greater the freedom in prayer.' (*Com. Rom 8:15*)

⁷⁴² 'He does not then pursue only the argument which he had before stated, but dwells more on another clause, which he had connected with it, even the paternal mercy of God, by which he forgives his people the infirmities of the flesh and the sins which still remain in them. He teaches us that our confidence in this respect is made certain by the Spirit of adoption, who could not inspire us with confidence in prayer without sealing to us a gratuitous pardon.' (*Com. Rom. 8:15*)

van 'n kind seker van verhooring. Natuurlik is hierdie sekere wete alleen gegrond in die volbragte werk van Christus vir ons. Die wonder van hierdie roep in gebed is dat dit deur die werking van die Heilige Gees, werklik in beweging kom. Uit die getuienis van die Heilige Gees wat oortuig van kindskap vloei 'n ware aanroep van God.⁷⁴³ In die uitleg van Romeine 8: 26 sien Calvyn dat die gedagte van kindskap verder geneem word. Die Gees leer ons ook hoe en wat ons behoort te bid; en as gebed van die Gees is hierdie gebed reeds verhoorde gebed.⁷⁴⁴

Die gebed onder die leiding van die Gees bly egter volledig die gebed van mense. Onder leiding van die Heilige Gees bly die geheimenis van menswees behoue. Daarom is daar geen sprake van 'n mistieke vereniging tussen God en mens nie. Wat wel plaasvind onder leiding van die Gees, is 'n ooreenstemming met die wil van die Here. Gebedsverhooring gaan altyd saam met die bede dat God se wil sal geskied.⁷⁴⁵

Uit die feit van menslike swakheid sowel as die feit dat gebed wel geskied spruit 'n derde kenmerk van Calvyn se interpretasie van Romeine 8. Gebed vorm deel van die eskatologiese gebeure. Calvyn openbaar 'n besondere aanvoeling vir die eskatologiese dimensie van die vernuwung en heiliging. Hy sien die bidder as 'n pelgrim, op pad na sy Vader.⁷⁴⁶ Ware gebed geskied in verwagting, in die hoop op die erfenis wat wag. Die inhoud van hierdie erfenis is Jesus Christus. Vernuwung beteken om sy beeld te vertoon. So word die lewende Christus voorgelê as voorbeeld vir elke kind van God.⁷⁴⁷ Hierdie erfenis lê nog in die toekoms en tog het ons, in Jesus Christus, reeds die oorwinning behaal; Paulus praat van die toekoms asof dit reeds teenwoordig is.⁷⁴⁸ Gebed is 'n uitdrukking van hierdie lewende hoop; hiervan is Christus

⁷⁴³ 'There is also here an explanation of the former verse; for when the Spirit testifies to us, that we are the children of God, he at the same time pours into our hearts such confidence, that we venture to call God our Father. And doubtless, since the confidence of the heart alone opens our mouth, except the Spirit testifies to our heart respecting the paternal love of God, our tongues would be dumb, so that they could utter no prayers. For we must ever hold fast this principle, —that we do not rightly pray to God, unless we are surely persuaded in our hearts, that he is our Father, when we so call him with our lips.' Die ander kant is egter ook waar: 'To this there is a corresponding part, —that our faith has no true evidence, except we call upon God. It is not then without reason that Paul, bringing us to this test, shows that it then only appears how truly any one believes, when they who have embraced the promise of grace, exercise themselves in prayers.' (*Com. Rom 8:16*)

⁷⁴⁴ 'He had before spoken of the testimony of the Spirit, by which we know that God is our Father, and on which relying; we dare to call on him as our Father. He now again refers to the second part, invocation, and says, that we are taught by the same Spirit how to pray, and what to ask in our prayers.' (*Com. Rom 8:26*)

⁷⁴⁵ 'Let us also hence learn, that what holds the first place in prayer is consent with the will of the Lord, whom our wishes do by no means hold under obligation. If then we would have our prayers to be acceptable to God, we must pray that he may regulate them according to his will.' (*Com. Rom. 8:27*)

⁷⁴⁶ 'For to what end is God our Father, except he receives us after we have finished our earthly pilgrimage into his celestial inheritance?' (*Com. Rom. 8:23*)

⁷⁴⁷ 'that God had so determined that all whom he has adopted should bear the image of Christ;...that he might teach us that there is in Christ a living and conspicuous exemplar, which is exhibited to God's children for imitation.' (*Com. Rom. 8:29*)

⁷⁴⁸ 'Though glorification is not yet exhibited except in our Head, yet as we in a manner behold in him our inheritance of eternal life, his glory brings to us such assurance respecting our own glory, that our hope may be justly compared to a present possession.' (*Com. Rom. 8:30*)

ons Voorganger as eerste Bidder. Ons kindskap, asook ons erfenis wat wag, dit wat Christus reeds verwerf het, vorm ‘n eenheid in gebed.

8.1.2 Christus se diens vir ons

Jesus Christus neem ‘n sentrale plek in Calvyn se denke in. Die navorsing is dit eens dat Calvyn teoloog van die openbaring is.⁷⁴⁹ Vir Calvyn gaan dit in die Christologie nie om ‘n vrugtelose spekulاسie nie, wel om die openbaring van die heil: God geopenbaar in die vlees. In die twee nature leer gaan dit juis om die bevestiging van die heil.⁷⁵⁰ Die Christologie sluit aan by Calvyn se vertrekpunt van Godskennis en selfkennis; God ontmoet die gevalle mens, die Christologie voltrek as soteriologie die gerig oor die mens; andersyds is Jesus Christus die een mens wat die verbond met God in stand hou. Hy, in die vlees geopenbaar, is die Gehoorsame.

As sodanig is Hy die Leraar van ware gebed, die ware Bidder self. Die hoogtepunt van sy gehoorsaamheid voltrek juis in gebed.⁷⁵¹ Hierin volg Calvyn nougeset die Christologie van die Hebreër brief en die Sinoptici.

Dat dit vir Calvyn in die Christologie nie om vrugtelose spekulاسie gaan nie, wel om die openbaring van die heil, blyk duidelik daarin dat hy in die laaste uitgawe van die *Institusie* die Christologie uitwerk in die leer van die *munus triplex*.⁷⁵² Vir Calvyn gaan dit nie om ‘n sisteem van denke nie, maar om die heil van die mens.⁷⁵³ Die amp van die Gehoorsame voltrek in die drievoudige amp van profeet, koning en priester.⁷⁵⁴ Die hoogtepunt van sy gehoorsaamheid

⁷⁴⁹ ‘Gott kann nur in Jesus Christus erkannt werden, der selbst wiederum nur in der Schrift gefunden werden kann. Ebenso kann der Mensch nur dann eine wahre Erkenntnis von sich selbst und seiner Lage gewinnen, wenn er sich in dem Spiegel betrachtet den die Schrift ihm vorhält.’ Wendel, F 1968. *Calvin: Ursprung und Entwicklung seiner Theologie*. 160 ev. Neukirchen: Neukirchener Verlag..

⁷⁵⁰ ‘He could not have spoken more appropriately about the person of Christ than in these words, "God manifested in the flesh." First, we have here an express testimony of both natures; for he declares at the same time that Christ is true God and true man. Secondly, he points out the distinction between the two natures, when, on the one hand, he calls him God, and, on the other, expresses his "manifestation, in the flesh." Thirdly, he asserts the unity of the person, when he declares, that it is one and the same who was God, and who has been manifested in the flesh.’ (Com.1 Tim 3:16)

⁷⁵¹ But if he, who was full of the Holy Spirit, implored the Father, with such ardor and earnestness, to preside in the election, how much greater need have we to do so?’ (Com. Mark 3:13)

⁷⁵² Calvyn in vraag 34 van die Geneefse Kategismus van 1545. ‘Wat is verder die betekenis van die woord Christus? Met hierdie benaming word selfs nog beter uitdrukking gegee aan sy amp. Want dit dui aan dat Hy deur die Vader gesalf is tot Koning, Priester en Profeet.’ (Kat : 10)

⁷⁵³ Veral Barth in KD IV, 1, 2 en 3 gebruik die indeling in die uitwerk van sy versoeningsleer; hy plaas egter die profetiese amp laaste; Pannenberg beskou die leerstuk van die *Munus triplex* bloot vanuit ‘n historiese oogpunt waarvolgens Christus die vervulling van die O.T. Beloftes is. Ott is van mening dat dit van verdere betekenis kan wees in die lig van ‘n eksistensiële beskrywing van die Christus gebeure. Ott stel ‘n derde weg voor teenoor ‘n weg vanuit die mens in isolasie soos voorgestel in ‘n teologiese antropologie en ‘n weg vanuit die Openbaring in isolasie. As ons reg wil laat geskied aan die Christus moet ons begin by Christus in sy betekenis vir ons; dus Jesus Christus as die Middelaar tussen God en mens. Ott, H 1971. *Reality and Faith*, Lutterworth Press, London. 411 ev.

⁷⁵⁴ Dit gaan nie net om die profetiese amp van Christus nie. Jansen, J F 1956. *Calvin's doctrine of the word of Christ*. London, 102.

geskied in sy gebed, daarom het sy drievoudige amp konsekwensies vir die Christologiese verstaan van gebed.⁷⁵⁵

Jesus Christus is die gehoorsame Bewerker van die heil; so is Hy die Middelaar van gebed.

*Accordingly, whenever we ought to pray to God, if we call to remembrance that exalted and unapproachable majesty, that we may not be driven back by the dread of it, let us, at the same time, remember "the man Christ," who gently invites us, and takes us, as it were, by the hand, in order that the Father, who had been the object of terror and alarm, may be reconciled by him and rendered friendly to us. This is the only key to open for us the gate of the heavenly kingdom, that we may appear in the presence of God with confidence.*⁷⁵⁶

Gebed is alleen moontlik vanuit sy middelaarskap. Tog kan gevra word: Maak hierdie klem op Christus se Middelaarskap nie gebed oorbodig nie? Dis die vraag van die Roomse Katolieke kerk wanneer Calvin vanuit die Christologie die voorbidding van die heiliges tot niet verklaar. Om die middelaarskap van Christus duidelik te maak, lê Calvin dit verder uit aan die hand van Christus se hemelvaart en sy soenoffer, dit wil sê sy koninklike en priesterlike werk.

8.1.2.1 Die profetiese amp

Die profetiese amp van Christus, as God se finale openbaring, word verder uitgewerk in sy koninklike en priesterlike ampte. God se gebod tot gebed word verder Christologies ingekleur as die gebod en belofte van ons hemelse Vader. Die gelykenis van die verlore seun speel 'n belangrike rol in Calvin se verstaan van gebed.⁷⁵⁷ Die gelykenis maak duidelik dat Christologie en Godsleer nie identies is nie; in Christus gaan dit oor die tuiskoms van die verlore seun by die Vader.

Christologie en gebed hoort saam. Daar kan daarom nie sprake wees van 'n vae onduidelike gebedsfilosofie, los van die gehoorsame Bidder Jesus Christus en die gebede in die Bybel nie. Ware gebed is die gebed van die Gehoorsame, wat in gehoorsaamheid sy drievoudige amp uitoefen. Die Christologie is by Calvin duidelik omlin. Jesus Christus geopenbaar in die vlees is die Seun van God en as Seun roep Hy diegene wat aan Hom behoort tot die *Vader*. Die

⁷⁵⁵ Weber sien in die leer van die *triplex minus* by Calvin 'n dogmatiese konsep. Hy sien daarin ook 'n etiese gedagte. Vanuit die ampsleer kan ons konsekwensies trek vir die gebedsleer. Weber, *O Grundlagen der Dogmatik* II, 200. Maurer verdeel volgens die inhoud van Calvin se gebede die Middelaarswerk van Christus as volg: 'The Mediator of 1. revelation, 2. atonement, 3. adoption, 4. intercession, 5. sanctification and justification. Maurer, H W 1959. *An examination of the form and content of John Calvin's prayers*. diss. University of Edinburgh. Hierdie indeling sou uitgebrei kon word om by die drievoudige amp van Christus aan te sluit.

⁷⁵⁶ *Com.1 Tim 2:5.*

⁷⁵⁷ 'Hy skilder en beeld hierdie oervloed van vaderlike vriendelikheid in 'n gelykenis soos volg uit: Toe 'n seun van sy vader vervreem geraak, sy eiendom losbandig verkwis en op elke moontlike wyse swaar teen hom gesondig het, omhels sy vader hom nogtans met ope arms. En hy wag nie totdat hy hom om vergifnis vra nie, maar hy spring hom voor. Toe hy terugkeer, herken hy hom van ver af; hy hardloop hom vanself tegemoet; hy troos hom en neem hom in die kudde aan.' (*Inst. III, 20, 37:1135*)

geheimenis van die gebed is die geheimenis van die openbaring. So gesien speel die profetiese amp van Christus in gebed 'n beslissende rol.

8.1.2.2 Die koninklike amp van Christus

Vanuit die Christologie verkry die goddelike kant van gebed 'n duideliker profiel. Jesus Christus is die eerste gehoorsame, Hy is ook die eerste Bidder; Hy het die ruimte van gebed vir ons oop gemaak.

Wie in sy Naam bid, sê Calvin, bid eintlik 'deur sy mond'. In hierdie uitdrukking kom verskillende Bybelse beelde saam.⁷⁵⁸ Die aandag word gevestig op die feit en vrug van Jesus Christus se 'hemelvaart' en sy 'sit aan die regterhand van God in die hemel'. Ons gebede word opgeneem in die gesprek tussen die Vader en sy Seun. Dit bevestig die verhoging sekerheid van gebed.

Die gemeenskap met Christus in gebed is dus belangrik. Calvin beskryf hierdie gemeenskap op tweërlei wyse: Eerstens die geheimenisvolle gegewe van die gelowige se '*insitio*' met Christus; Hy gee die geloof, Hy gee die werke. Andersyds wys Calvin ook op die vrugte wat voortvloei uit hierdie gemeenskap.⁷⁵⁹ '*... dass wir eifrig sind zum Gebet ... das fließt, sage ich, aus dieser zweiten gemeinschaft, in der Christus, um nicht müßig in uns zu wohnen, die Kraft seines Geistes in deutlichen Gaben zeigt.*'⁷⁶⁰ So wys die Christusgemeenskap op die onontbeerlike rol van die Heilige Gees in gebed. As voorveronderstelling vir die werking van die Heilige Gees is egter die gemeenskap tussen die Seun van God en die mens. '*... dass der Gottessohn unser*

⁷⁵⁸ Sien Calvin se preek oor Luk 2:9-14; meerdere Bybel gedeeltes kon hierin 'n rol speel; o.a. die 'Ons Vader', Paulus se gedagte van die hoof en liggaam; Christus as eersteling volgens Kol. en Ef. 'It is as if we had been brought from the deepest hell to heaven itself. And certainly, although, as respects ourselves, our salvation is still the object of hope, yet in Christ we already possess a blessed immortality and glory; and therefore, he adds, in Christ Jesus.' (Com.Ef 2:6)

⁷⁵⁹ Oor die gemeenskap met Christus as sentrale tema in die teologie van Calvin sien Kolfhaus, W 1939. *Christusgemeinschaft bei Johannes Calvin*. dritter band. Neukirchen. 'Christus lebt in seinem Gliedern, er gibt den Glauben, er gibt ebenso das Werk.' Kolfhaus, W 1949. *Von christliche leben nach Johannes Calvin: Beiträge zur geschichte und Lehre der reformierten Kirche*. siebter band. Neukirchen, 101. Sien ook K Barth, KD, IV. 1. 585.

⁷⁶⁰ Vir die volledige aanhaling uit die belangrike brief aan Vermigli: '... denn nichts anders versöhnt er uns durch das Opfer seines Todes mit Gott, als weil er unser ist und wir eins mit ihm. So erkläre ich die Stelle bei Paulus, wo er sagt, die Gläubigen seien berufen zur Gemeinschaft mit ihm (1 Kor. 1:9). Denn das Wort Genossenschaft oder Gesellschaft scheint mir den Sinn dieser Stelle nicht genügend, sondern mir bedeutet sie jenes heilige Einswerden, durch das uns der Gottessohn in seinen Leib aufnimmt, um alles, was ihm gehört, mit uns zu teilen. So schöpfen wir unser Leben aus seinem Fleisch und Blut, so dass es nicht mit Unrecht unsere Nahrung genant wird. Wie das geschieht, das geht weit über meines Verständnis hinaus; also ich ahne dieses Geheimnis mehr, als dass ich mich mühe, es zu begreifen; nur das erkenne ich. Dass durch die Gotteskraft des Geistes Leben vom Himmel auf die Erde herabströmt, weil das Fleisch Christi weder an sich lebendig machen noch seine Wirkung zu uns gelangen, könnte ohne das unmessbare Wirken des Geistes. Der Geist also ist es, der bewirkt, dass Christus in uns wohnt, uns erhält und ernährt und alles das tut, was dem Haupte zukommt ... [I]ch komme nun zur zweiten Gemeinschaft mit Christus, die mir als Frucht und Wirkung jener ersten gilt ... indem er uns reich macht an Geistesgaben. Dass wir also stark sind im Hoffen und Dulden, dass wir nüchtern und mäßig uns der weltliche Lüste enthalten, dass wir uns eifrig mühen, die Leidenschaft des Fleisches zu bändigen, dass das Streben nach Gerechtigkeit und Frömmigkeit kräftig in uns lebt ,...' an Pietro Martire Vermigli in Straßburg, 8. August 1555. in: Calvin, J 1961/1962. *Lebenswerk in seinen Briefen. Eine Auswahl von Briefen Calvins* in deutscher Übersetzung von R, Schwarz. 3Bde. Neukirchen, 794.

*Fleisch annahm, um unser Bruder zu werden.*⁷⁶¹ Juis met Jesus se hemelvaart kom die saak van die mens in die hemel.⁷⁶² *Institusie* II, 16, 16 beskryf daarom die vrug van die *ascensio* as die wete dat die toegang tot die hemel, wat sedert Adam gesluit is, oop is.⁷⁶³ Alleen die gebed wat in die gemeenskap met sy liggaam ingesluit is het toegang tot die Vader.⁷⁶⁴

Jesus Christus is die koninklike hoof. Sy hemelvaart is nie die aanvang van sy koningskap nie, wel die manifestasie daarvan vir die geloof. Calvyn lê klem daarop dat ons verbinding met hierdie koninklike Hoof die waarborg is vir die verhoring van ons gebede. Sy siening van die koninklike priesterskap van Christus berus op 'n Christologiese lees van Ps 110. Deur Christus het ons nie alleen toegang tot God nie, maar het ons ook 'n Voorspraak. Nêrens in die gebedsleer van die reformasie word dit so sterk gestel as by Calvyn nie. Daarom sê ons die goddelike gebod en belofte tot gebed word Christologies gekleur.⁷⁶⁵ Die gemeente het hierdie versekering van gebedsverhoring nodig, daarom beklemtoon Calvyn dit so sterk in sy prediking.⁷⁶⁶ Sekerheid van verhoring dra so 'n gewig by Calvyn omdat daar 'n verdere saak op die spel is.

Die persoonlike sekerheid word gedra deur die eskatologiese. Calvyn sien as derde komponent van die *ascensio Christ'*, die *regnum Christ'*. Deurdat die moontlikheid en verhoring van gebed nou verbonde is aan die *ascensio Christ'*, en Christus se 'sit aan die regterhand van God', het die gebed deel aan die eskatologiese dimensie van die Christologie. Die klem van die reformatoriese eskatologie lê in die teenwoordigheidsbetekenis van die Godsryk. Die Godsryk, of soos Calvyn ook verwys na die ryk van Jesus Christus, realiseer hier en nou. In die tyd van Calvyn is die Koninkryk beslissend aan die kom in Genève.

⁷⁶¹ (C O. 15. 722)

⁷⁶² Teenoor die Lutherse leer van die alomteenwoordigheid van die liggaam van Christus, stel Calvyn dat Christus se liggaam in die hemel is en versterk so die Christologiese grond vir gebed. (Scholl 1968:54)

⁷⁶³ 'Omdat Hy immers in ons vlees, asof dit namens ons was, daartoe ingegaan het, volg daaruit, soos die apostel sê, dat ons alreeds in 'n sekere sin in Hom onder die hemelinge sit, ...' (*Inst.* II, 16, 16. 682)

⁷⁶⁴ Die laaste voorlesingsgebed van Calvyn: 'Da wir in Hoffnung bereits in den Raum unseres ewigen Erbes eingetreten sind und wissen, dass wir einen sichern Ort im Himmel haben, nachdem Ort Christus aufgenommen ist, der unser Haupt und der Erstling unseres Heils ist, so bitten wir Dich, Allmächtiger Gott, gib, dass wir mehr und mehr fortschreiten auf der Bahn unserer heiligen Berufung, bis wir endlich zum Ziel kommen und so die ewige Herrlichkeit genießen, von der du uns jetzt schon einen Vorgeschmack in dieser Zeit gewährt durch Jesus Christus unserm Herrn, Amen. Scholl, 55. haal aan C O 40, 516.

⁷⁶⁵ Die aanknopingspunt vanuit sy Christologie vind ons in *Institusie*, II, 16, 16. 'Verder dra ons geloof daarvan kennis dat Hy tot groot seën vir ons by die Vader sit. ... Hy wend God se oë op so 'n wyse na sy geregtigheid dat Hy sy oë van ons sondes afkeer. Hy versoen God se gemoed op so 'n wyse met ons dat Hy deur sy tussenkoms vir ons 'n weg en toegang tot sy troon plavei, ...' (*Inst.* II, 16, 16, 682) In die gebedshoofstuk word hierby aangesluit. 'Wanneer Hy ons lei, kan ons onbesorg tot God nader, en as ons op so 'n tussenganger vertrou, sal niks wat ons in sy Naam bid, ons geweier word nie, net soos niks Hom deur die Vader geweier kan word nie.' (*Inst.* III, 20.17, 1105)

⁷⁶⁶ 'En dat wanneer wij willen bidden tot God, wij zouden verworpen worden als Jezus Christus daar niet was in onze naam. Want door daar te zijn is Hij onze Voorspreker en maakt Hij, dat onze gebeden er komen en dat wij verhoord worden, zoals wij ook de vrijheid hebben alles te zeggen wat wij hebben te doen en ons hart voor God uit te breiden.' en 'En laat ons ook, daar wij verzekert zijn, dat Hij ten onzen behoefte voor God staat, niet vreezen om tot Hem te bidden.' Verwys na sy preek oor Hand. 1:9-11 (Calvijn 1938/1941:131 en 173)

In die lig hiervan sien Calvyn die Woord van Jesus Christus, wat deur prediking die wêreld ingaan, in die nouste samehang met die *adventus Christ*’, tot oorwinning oor die Antichris.⁷⁶⁷ In samehang met hierdie Ryksgeloof is dit Christus wat as die strydende, oorwinnende Koning sy koningskap hier en nou uitoefen.⁷⁶⁸ Hierdie samehang tussen die strydende Christus en die ryk van God kan maklik verwaarloos word.⁷⁶⁹ Volgens Calvyn strek Christus se oorwinning verder as die persoonlike, *pro me*, wat in die reformasie soveel klem dra; dit het die ganse wêreld in die oog. Die klem val egter by Calvyn op die betekenis van die Godsryk vir die hede. Die *regnum Christi*’ is nie ‘n laaste hoofstuk in die dogmatiek nie, dis ‘n reeds teenwoordige werksame realiteit. As sodanig bring dit die gebed om die koms van die Ryk in beweging. In die bede om die Ryk word mense in diens geneem. Ons is met Jesus Christus opgeneem in die verwesenliking van sy Ryk. ‘*Die ascensio ist ein vorläufiger Höhepunkt des dynamischen Ablaufs, der weiterrollt.*’⁷⁷⁰ In die verwesenliking van die Ryk, speel die gebed van die gemeente ‘n wesenlike rol. Calvyn se verstaan van die *ascensio* en die vrug daarvan vir die gelowige staan nie los van die eskatologie.⁷⁷¹

Juis hierdie eskatologiese gerigtheid maak Calvyn die man van die kerk.⁷⁷² Die gebruiklike *donec tandem* waarmee Calvyn sy gebede afsluit, wys op die gedagte van die Christen as pelgrim onderweg na ‘n eindbestemming.⁷⁷³ Die Bybelse boodskap van die koms van die Godsryk vind daadwerklik neerslag in Calvyn se gebede. Dit sal verder blyk wanneer aandag gegee word aan

⁷⁶⁷ ‘This victory of the word, therefore, will shew itself in this world, for the spirit of his mouth simply means the word,... [T]his is a signal commendation of true and sound doctrine—that it is represented as sufficient for putting an end to all impiety, and as destined to be invariably victorious, in opposition to all the machinations of Satan; as also when, a little afterwards, the proclamation of it is spoken of as *Christ’s coming* to us.’ (*Com. 2 Tes. 2:8*)

⁷⁶⁸ Hierdie strydende Christus het ook ‘n vriendelike kant; Hy gee gawes aan syne. (Niesel 1957:118)

⁷⁶⁹ ‘Die Reformation hat zur Eschatologie Wesentliches beigetragen ... Sie hat mit Calvin die Frage nach Reich Gottes neu gestellt.’ (Weber 1955/62:741/2). Hierdie nuwe ontdekking van die reformasie kan egter ook vanuit die *pro me* vraagstelling van die reformasie te individualisties opgevat word. Die vraag van die toekoms van die wêreld word nie gestel nie.

⁷⁷⁰ Scholl 1968:59.

⁷⁷¹ ‘Hy sit dus in die hoogtes om sy krag van daar af oor ons uit te stort en ons tot ‘n geestelike lewe lewend te maak, om...dit met sy beskerming teen alle skades veilig te bewaar, om die tierende vyand van die kruis en ons saligheid deur die sterkte van sy hand in bedwang te hou...,totdat Hy al sy vyande wat ook ons vyand is, verpletter het en Hy die stigting van sy kerk volbring het... totdat Hy sy laaste werk volvoer wanneer Hy kom om die lewendes en die dooies te oordeel.’ (*Inst. II, 16, 16:683*)

⁷⁷² Die woorde van Calvyn as ou man aan studente tydens die oorlog in Frankryk; ‘... Dazu (zu kämpferische Haltung und Bereitschaft) muss aber auch das unsere Überzeugung sein, dass Christus stets bei uns sein wird bis zum Untergang der Welt (*saeculi*), wenn wir das festhalten, so werden wir unsere Seelen schließlich auch noch eine Weile in Geduld fassen können. Hochberühmt sei Frankreich! Christus ist Sieger, Christus ist König, Christus ist Herrscher.’ (‘An Abraham von Jenkwitz aus Wratisslaw in Schwartz 1961/1962: 1225)

⁷⁷³ ‘Allmächtiger Gott! Da wir jetzt diesen sterblichen Körper umhertragen, ja sogar tausend Tode in uns nähren wegen der Sünde, bitten wir dich, gib, dass wir immer unsere Augen zum Himmel erheben und nach jener unbegreiflichen Kraft ausschauen, welche zuletzt offenbar werden muss in Jesus Christus unserm Herrn. Lass uns auch mitten im Tode hoffen, du seist unser Erlöser und lass uns die Erlösung erlangen, die er selbst erfüllte, als er von den Toten erstund. Gib, dass wir nicht zweifeln, dass jene Frucht, die er jetzt durch seinen Geist darbringt, bis zu uns dringt, wenn Christus zum Gericht der Welt kommen wird, und dass wir also in der Furcht deines Namens wandeln, dass wir wirklich zu seinen Gliedern gezählt werden und er uns aufnehme in die Teilhabe jener Herrlichkeit, die er uns durch seinen Tod eröffnet hat. Amen.’ Calvyn se gebed n. a. v. Hos 13:14-15. (Scholl 1968:306)

die uitleg van die ‘Ons Vader’. Hier is dit van belang om daarop te let dat gebed saamhang met die Ryk van die verhoogde Heer aan Gods regterhand asook die koms van die dag van die Here. Calvyn ontwikkel sy gedagtes oor die gebed in protes teen die Roomse Katolieke gebedsteorie en praktyk. In *Institusie* III, 20, 24 neem Calvyn standpunt in teen die meriete sisteem van die Roomse gebedsprakryk en herstel die Christologiese verankering van die gebed.⁷⁷⁴ Ware gebed is veranker in die heilsgeskiedenis, want dit is verbonde aan Christus. Ware gebed geskied nie in ‘n vermenging van die bo aardse en die aardse nie. Juis die Skrifteologie deurbreek die Rooms-Katolieke gebedsisteem. Calvyn wys in ‘*Institusie*’ III, 20, 21-27 juis op die gebrek aan Skrifgronde in die Roomse gebedsleer. Dit is vir Calvyn belangrik dat die menslike rede sal buig voor die wil van God.⁷⁷⁵ In ware gebed gaan dit om ‘n eksistensiële verhouding wat in geen menslike sisteem vas te vang is nie; dit gaan om die diens van Jesus Christus as Lewende Here, en Laaste Regter, aan ons. Hy wat ons uit elke sisteem, ook die sisteem van ongelooft en onkunde, verlos en deelgee aan sy Ryk. Die voorreg van die gelowige is dat hy bewustelik biddend deel mag neem aan die geskiedenis van die Ryk, en reeds uit God se gawes soos uit ‘n verborge skat mag put.⁷⁷⁶ Hierdie geskiedenis raak elke mens en stel elke mens voor ‘n beslissing. So kry die deelname van die gebed aan die Godsryk ook ‘n missionêre karakter. Die sending staan juis in Calvyn se denke in verband met die oorwinning van Jesus Christus en die *ascensios*.⁷⁷⁷ Die ruimte van die *regnum Christi* bevat dus ‘n duidelike ‘histories-eskatologiese’ komponent wat ware gebed moontlik maak. Biddend neem elke lid van die liggaam van Christus deel aan die regering van die Hoof, die Verhoogde Here. Biddende raak elke gelowige betrokke in hierdie geskiedenis. Die bidder neem dus ‘n baie belangrike plek in. Hy neem deel aan die Christusgeskiedenis, Hy neem deur gebed deel aan die regering van die wêreld, nog meer werk mee aan die koms van die Ryk.⁷⁷⁸

⁷⁷⁴ Dit word veral duidelik in sy besware oor die gebede tot die afgestorwenes. ‘Kyk net waarin arme mense verval wanneer hulle van hulle regte wagpos, dit is die Woord van God, af weg dwaal.’ (*Inst.* III, 20, 22, 1112)

⁷⁷⁵ ‘Die Skrif verklaar tewens so dikwels dat die wysheid van ons vlees vyandskap teen God se wysheid is (Rom 8:6). Dit verdoem ten volle die ydelheid van ons verstand; (Ef 4:17) dit slaan al ons rede plat en wil dat ons ons oë op God se wil alleen moet rig.’ (*Inst.* III, 20, 24, 1116)

⁷⁷⁶ ‘Deur die weldaad van gebed bereik ons dit dus om na daardie rykdomme deur te gaan wat by die hemelse Vader vir ons weggebêre is. ... Dit is daarom waar dat ons met ons gebede die skatte uitdelf wat die evangelie van die Here vir ons aangedui het en wat ons geloof al aanskou het.’ (*Inst.* III, 20, 2, 1078)

⁷⁷⁷ ‘For Calvin, the Christ who was exalted to God’s right hand was pre-eminently the *active* Christ. In a sense, Calvin subscribed to an eschatology in the process of being fulfilled. He used the term *regnum Christi* (the reign of Christ) in this respect, viewing the church as intermediary between the exalted Christ and the secular order. Such a theological point of departure could not but give rise to the idea of mission “extending the reign of Christ”, both by the inward renewal of individuals and by transforming the face of the earth through filling it with ‘the knowledge of the Lord’. Bosch, D J 1991. *Transforming Mission: paradigm shifts in Theology and Mission*. New York: Orbis Books, 256.

⁷⁷⁸ Barth oor die deelname aan die wêreld regering deur die gebed in KD III, 3 hfs 49.

8.1.2.3 Christus as die priesterlike Middelaar van die gebed.

Die koninklik-profetiese heerser Jesus Christus maak deur die aanbreek van die Ryk en die bediening van sy amp die gebed moontlik. Deur middel van die Christologiese verankering kry die gebed sy eskatologiese dimensie, is gebed 'n grootheid van die eindtyd. Daarin erken ons ook die teologiese begroning van die gebed. Die koninklik-profetiese amp van Jesus Christus is niks anders as die magswerking van God, die uitwerking van sy openbaring nie. Godskennis vorm by Calvyn 'n wonderlike eenheid. Tog is die gebed volgens Calvyn nie moontlik sonder die barmhartigheid van God nie. Ware gebed staan nooit los van die ware self en Godskennis soos dit na vore kom in die vergifnis van sondes asook die historiese gebeure van die Godsryk nie. Calvyn bring hierdie twee fasette bymekaar deur middel van 'n duidelike 'ampchristologie'. Christus is as ewige Priester, die profeet, die Openbaarder van 'n goddelike toekoms, en Hy voltrek sy priesterlike amp algaande in die geskiedenis van die Godsryk. In hierdie verbande kan gebed nooit selfgesentreerd raak nie, want Christus tree blywend vir die bidder in. Die bidder is nooit van Jesus Christus geskeie nie.⁷⁷⁹ Die Christologiese deel van die *Institusie* III, 20, 17-20, wemel van uitsprake oor Christus as die middelaar van gebed. Dit kom veral sterk na vore in Calvyn se uitleg van die *Apostolicum* in *Institusie* II, 16, 16. In die gedeelte word 'n samevatting gegee van alles wat Calvyn oor Christus se middelaarskap sê. '*Hy versoen God se gemoed op so 'n wyse met ons dat Hy deur sy tussenkoms vir ons 'n weg en toegang tot sy troon plavei, terwyl Hy Hom met genade en barmhartigheid vul, en Hy andersins vol verskrikking vir ons ellendige sondaars sou wees.*'⁷⁸⁰ Die ampsteologie vervul so 'n kritiese funksie ten opsigte van gebed. Die profetiese amp voltrek in die openbaring die oordeel van God in gerig en genade, wat gebed moontlik maak. Die profetiese Woord kom as Woord van God wat 'n antwoord by die mens oproep. Die koninklike amp roep respek en vertrouwe na vore. Die priesterlike amp het 'n versoenende funksie.

Die gedagte van 'n middelaar bring ons terug by Calvyn se vertrekpunt van Godskennis en selfkennis. Dit kom duidelik na vore in *Institusie* III, 20, 17.⁷⁸¹ Die gebed in die Naam van Jesus Christus word verhoor.⁷⁸² Beide kante van die Christologie, die vernedering sowel as die

⁷⁷⁹ 'Da unser König Christus als ewiger Hohepriester uns fortwährend bei Gott vertritt, so muss die ganze Gemeinde in seinem Gebete mit einstimmen; anderseits dürfen wir auch nur dann auf Erhöhung hoffen, wenn er für uns eintritt.' Scholl, 65, verwys na C O, 31, 208, oor Ps 20:2.

⁷⁸⁰ *Inst.* II, 16, 16: 682.

⁷⁸¹ 'Omdat geen mens inderdaad waardig is om homself voor God te verteenwoordig en voor sy aangesig te verskyn nie, het ons hemelse Vader, om ons tegelyk van skaamte en vrees te vrywaar omdat dit ons almal moedeloos moes laat, sy Seun Jesus Christus, ons Here, aan ons geskenk om ons Voorspraak en Middelaar te wees. Wanneer Hy ons lei, kan ons onbesorg tot God nader, en as ons op so 'n tussenganger vertrou, sal niks wat ons in sy Naam bid, ons geweier word nie, net soos niks Hom deur sy Vader geweier kan word nie.' (*Inst.* III, 20,17: 1105)

⁷⁸² 'Sodra die verskriklike majesteit van God trouens in ons gedagtes opkom, kan ons nie anders as vreesbevange word nie, en die erkenning van ons eie onwaardigheid dryf ons ver weg totdat Christus tussenbeide tree om sy troon van skrikwekkende heerlikheid in 'n troon van genade te verander.' (ibid)

verhoging, goeie Vrydag en hemelvaart, is belangrik ten opsigte van Christus se middelaarskap. Calvyn maak veral gebruik van die taal en beelde van die Hebreër brief. Christus is, as die Hoëpriester wat self die offer is, ons Voorspraak.⁷⁸³

Die offer van Christus is eenmalig, maar van blywende betekenis.⁷⁸⁴ Die eksistensiële faset van die gebed gaan saam met hierdie *blywende* intrede van Jesus Christus. Calvyn stel Christus as die gehoorsame voor.⁷⁸⁵ Sy gehoorsaamheid bestaan in sy intrede vir ons en sy voortdurende voorbidding. Daar word ook gewys op die duur van hierdie intrede; dit beteken ware gebed is volhardende gebed; juis in sy volhardende intrede vir ons, is Christus die Gehoorsame.

So kry die priesterlike amp van Jesus Christus ook 'n profetiese gerigtheid. Dit word duidelik uit Calvyn se kommentaar op Romeine 8; hier word vergifnis van sonde en eskatologie nou aan mekaar verbind. Christus wat op die troon sit en al sy vyande oorwin, is ons Middelaar en vriendelike Voorspraak.⁷⁸⁶ Hierdie intrede mag nie as 'n beeld of mitologiese voorstelling verstaan word nie, dit handel om eskatologiese gebeure. Die beslissende van Christus se middelaarskap is dat dit die gelowige rig op 'n einddoel; ware gebed is deel van 'n pelgrimstog. Daarom sluit Calvyn sy gebede af met die woorde '*Donec tandem perveniamus.....*'⁷⁸⁷

Die Middelaar is nie alleen die komende wêreldregter nie, Hy is die 'pre-eksistente Logos'.⁷⁸⁸ Hier is die gelykheid in onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testamente ook van belang vir gebed.⁷⁸⁹ Calvyn verwys telkens daarna dat Christus reeds optree as Middelaar in die Ou Testament.⁷⁹⁰ Die verbondsbeloftes van die Ou Testament wys heen na Christus.⁷⁹¹ Onder die bedeling van die wet wys die ryke seremonies van offerandes reeds op die noodsaak van 'n

⁷⁸³ 'He draws this conclusion, —that an access to God is open to all who come to him relying on Christ the Mediator; nay, he exhorts the faithful to venture without any hesitation to present themselves before God. And the chief benefit of divine teaching is a sure confidence in calling on God, as, on the other hand, the whole of religion falls to the ground, and is lost when this certainty is taken away from consciences. (Com. Hebr 4:16)

⁷⁸⁴ But the value of his sacrifice, by which he once pacified God toward us, is always powerful and efficacious; the blood by which he atoned for our sins, the obedience which he rendered, is a continual intercession for us. This is a remarkable passage, by which we are taught that we have the heart of the Heavenly Father, as soon as we have placed before Him *the name* of his Son. (Com. Joh 16:26)

⁷⁸⁵ Hierin vind sy Christologie aansluiting by die verbondsgedagte. In hulle ongehoorsaamheid verbreek die volk die verbond. God verbreek egter nie sy verbond met die volk nie. Juis in die Christologie gaan dit om die herstel van die verbondsverhouding in Christus as die groot Gehoorsame in ons plek.

⁷⁸⁶ 'This so great an assurance; which dares to triumph over the devil, death, sin, and the gates of hell, ought to lodge deep in the hearts of all the godly; for our faith is nothing, except we feel assured that Christ is ours, and that the Father is in him propitious to us. Nothing then can be devised more pestilent and ruinous, than the scholastic dogma respecting the uncertainty of salvation.' (Com. Rom 8:34)

⁷⁸⁷ '...dass wir ständig auf dem Weg des Glaubens voranschreiten,' Calvyn se gebed na.a.v Hos. 7:1-6. (Scholl 1968:288)

⁷⁸⁸ 'Dit staan in elk geval vas dat van die begin af niemand se gebede verhoor is nie behalwe deur die genade van die Middelaar.' (Inst. III, 20,18: 1106)

⁷⁸⁹ verwys na Inst. II, 9-11.

⁷⁹⁰ 'As it were the Son of man appeared in the clouds. Without doubt this is to be understood of Christ,' (Com. Dan. 7:13)

⁷⁹¹ In Institusie III, 20, 18. werk Calvyn dit uit ten opsigte van die gebedstema.

gebedsmiddelaar.⁷⁹² Calvyn ontwikkel sy siening van die verhouding tussen Ou en Nuwe Testamente in sy gesprek met die Dopers.⁷⁹³ *Institusie* III, 10, 18, vat die gedagtes saam: 1. Christus is reeds in die Ou Testament die Middelaar van gebede. 2. Die middelaarsdiens van die Ou Testament word gekontrasteer met die van die Nuwe Testament. Christus se diens oortref die diens van die Ou Testament.⁷⁹⁴ 3. Die middelaarskap van Christus dui op 'n 'heilsgeskiedenis'. Hierdie 'heilsgeskiedenis' is egter nie 'n sisteem of doel in sigself, los van mense nie. Dis gerig op mense. So eindig *Institusie*, III, 20, 18 met die oproep om hierdie heil vas te gryp in die geloof: '*Daarom is ons kwaad des te minder verskoonbaar as ons nie so 'n onskatbare weldaad wat besonderlik vir ons bestem is, soos die spreekwoord lui, met albei hande aangryp nie.*'

Daar is geen sterker appél tot gebed as Christus se hemelvaart en sy voortdurende intrede vir ons nie. So eindig al Calvyn se voorlesings, selfs die uit die Ou Testament, met woorde wat herinner aan die diens van Jesus Christus vir ons, die diens van sonde vergifnis, sy sit aan die regterhand van God en sy intrede daar vir ons.⁷⁹⁵

Deur die diens van die gebede word die gelowige deel gemaak van die eskatologiese Christus gebeure. Die voorbidding van Christus kom hom nou reeds ten goede as vergifnis van sonde maar bied ook hoop vir die toekoms. Ware gebed spruit voort uit ware vryheid, wat nooit los staan van gemeenskap met Christus nie. Hierdie vryheid maak nie selfgerig nie, maar lei tot diens.

Die Middelaar, die gehoorsame Mens Jesus Christus, doen voorspraak as Hoof van sy liggaam by die Vader en is so die grond van ons voorbidding en intrede vir mekaar.⁷⁹⁶

Hede en toekoms is nou met mekaar verbind. Ons sou kon sê die geskiedenis van die gebed is terselfdertyd die geskiedenis van die kerk as liggaam van Jesus Christus op weg na sy eindbestemming. Daarom is voorbidding 'n eskatologiese gebeure.

Dis belangrik om in te sien dat Calvyn sy gedagtes ten opsigte van Christus se middelaarskap ontwikkel in die konteks van die stryd met die Rooms-Katolieke kerk.⁷⁹⁷ In die Rooms-Katolieke gebruike, sien Calvyn tekens van ongeloof; vir Calvyn gaan dit om die eer van Christus. Dit gaan om die volkome en genoegsame middelaarswerk van Christus, die *solus Christus* van die

⁷⁹² Calvyn vat sekere O.T. gedeeltes saam: 'Hieruit kan ons die afleiding maak dat God van die begin af deur Christus se voorbidding versoen is om godvrugtiges se gebed aan te neem.' (*Inst.* III, 20, 18)

⁷⁹³ Scholl 1968: 68.

⁷⁹⁴ '... omdat hulle nog nie duidelik geweet het dat Christus deur sy hemelvaart 'n sekerder pleitbesorger as tevore vir die kerk sou wees nie.' *Institusie* III, 20, 18, 1107 sluit aan by Joh 16. Scholl verwys daarna dat Calvyn Sondae veral Nuwe Testamentiese tekste preek. (op cit 69 n 76)

⁷⁹⁵ 'per eundem Christum Dominum nostrum' aan die einde van Calvyn se voorlesing oor Jona 3:6-10 (op cit 69 n 78)

⁷⁹⁶ 'En die wedersydse gebede van al die lede wat nog op die aarde swoeg, gaan op in hulle Hoof wat hulle vooruitgegaan het in die hemel en in wie daar versoening vir ons sonde is.' (*Inst.* III, 20, 20: 1109)

⁷⁹⁷ Ons verwys na die vraag oor die gebed aan die dode; die antwoord aan Sadolet sluit ook aan by die gebedsvraag; 'there is nothing more perilous to our salvation than a distorted and perverse worship of God.' (Calvin 1954:229) Dit kom ook dikwels in sy preke na vore. In *Institusie* III, 20, 21-27 word hierdie polemieke tematies uiteen gesit.

Reformasie.⁷⁹⁸ Die Bybel beveel dat ons vir mekaar moet bid.⁷⁹⁹ Hieruit maak die Rooms-Katolieke kerk die gevolgtrekking dat voorbidding uitgebrei mag word na die gestorwenes en dat die gestorwe heiliges ook tot voorbidding opgeroep word. Calvyn wys hierdie interpretasie af.⁸⁰⁰ Calvyn het dit teen 'n valse sistematisering en gevolgtrekkings; dit gaan om 'n sisteem van logika wat die plek van die Skrif in neem. Calvyn verduidelik in sy kommentaar op 1 Korintiërs 13:8 waar die eintlike probleem lê. Volgens 1 Korintiërs 13 is die liefde 'n gawe wat sonder verdienste ontvang word. In die Rooms-Katolieke praktyk het die liefde 'n verdienste geword. En gebed word ingespan as deel van die sisteem van verdienste van die Rooms-Katolieke kerk. So word die Here sy eer ontnem. Daarmee saam word die vraag na die kwaliteit van die gebed, 'n vraag na kwantiteit. Calvyn se stryd is eintlik teen ongelof; vir die gebed is geloof van die uiterste belang. Die Skrif noem dit nie verniet die belangrikste verering van God nie.⁸⁰¹ Die gebed volgens Rooms-Katolieke gebruik ondergrawe ware geloofsekerheid en bevorder 'n sisteem van onsekerheid.⁸⁰² Valse gebed ondermyn vertrouwe in Christus, dit ontken sy amp waardeur ons voor God waardig gemaak is. Waar gebed vals raak is die hele godsdiens vals.⁸⁰³ Samevattend: Die Christologie gee 'n antwoord op die vraag na gebedsverhooring: Gebed is verhoor in Jesus Christus.⁸⁰⁴ Christus het versoening met God bewerk, God wat ons gebede verhoor.

Die diens van die gebede maak ons deelnemers aan die heilsgeskiedenis wat strek vanaf die 'pre-eksistente Logos' tot by die wederkoms. Gebed is in Jesus Christus *die* eskatologiese daad wat nou reeds deel gee aan die gemeenskap met die liggaam van Christus. Hierdie eskatologiese

⁷⁹⁸ 'Sover dit die heiliges aangaan – die wat na die vlees gesterf het en in Christus leef – as ons enige gebed aan hulle toevertrou, moet ons nie droom dat hulle 'n ander weg het om God aan te roep as Christus, wat alleen die weg is.' (*Inst.* III, 20, 21, 1110)

⁷⁹⁹ 'Papists pervert this passage, for the purpose of establishing the doctrine which they have contrived, without any authority from Scripture—that the souls of the deceased pray to God on our behalf... [W]hat if I should say that the office of mutual intercession has been enjoined only upon the living, and those that are sojourning in this world, and consequently does not at all extend to the departed?' (*Com.* 1 Cor. 13:8)

⁸⁰⁰ sien sy kommentaar op Gen. 20:7.

⁸⁰¹ 'Aangesien die Skrif ons in die diens aan God as die belangrikste aspek aanbeveel dat ons Hom moet aanroep soos Hy hierdie plig van godsvrug bo alle ander offers stel en van ons eis, ...' (*Inst.* III, 20,27: 1120)

⁸⁰² 'Wanneer die mens se vernuf so na hulpmiddels vir homself soek omdat die Woord van God hom nie daarmee bewapen nie, kom sy ongelof dag klaar aan die lig. Maar as ons ons beroep op die gewetens van al die mense wat 'n behae skep uit die tussengang van heiliges, sal ons vind dat dit slegs plaasvind omdat hulle onder angst gebuk gaan asof Christus nie hiervoor opgewasse is nie of dat Hy uitermate streng sou wees. Calvyn argumenteer selde vanuit menslike psigologiese oorwegings, hier doen hy dit egter en meen dit gaan by hierdie mense wat so baie maak van die gebede van die heiliges daarom dat dit vanweë hulle angst is wat hulle bly kwel.' (*Inst.* III, 20, 21: 1110.) Daar is ook sprake van 'n volks-vroomheid waarin gebed en toordery nie ver van mekaar staan nie.' sien sy prediking oor die gebed n.a.v. Job 1.

⁸⁰³ 'Then there are manifest abuses which cannot be endured, such as prayer for the souls of the departed, or putting forward to God the intercession of saints in our prayers, as also of joining them to God in invocation. I do not doubt, sire, that you are aware that these are so many corruption of true Christianity.' Verwys na Calvyn se brief aan Edward VI van England in: Calvin, J 1855/7. *Letters of John Calvin.* ed Bonnet J. Vol II. Edinburgh: Thomas Constable, 284.

⁸⁰⁴ 'Nothing then can be devised more pestilent and ruinous, than the scholastic dogma respecting the uncertainty of salvation.' (*Com.* Rom. 8:34)

dimensie van gebed trek 'n streep deur enige menslike verdienste sisteem asook die 'geestesgebed' wat losstaan van die heilsgeskiedenis. Gebed is as eskatologiese daad 'n eksistensiële daad van geloof in Jesus Christus. Vir Calvyn beteken dit nie alleen dat gelowiges mag bid nie, dit beteken gelowige is onder die verpligting om te bid. En as eerste deel van die diens aan God word gebed voorloper van die etiek.⁸⁰⁵

Wat bid ons? Ons word in ons gebede verwys na die Woord as heilsame rigsnoer. As Christus se gebed neem die 'Ons Vader' 'n baie spesiale plek in. In die eerste plek is dit die gebed van die gehoorsame Seun. Selfs die Christologie is nie voldoende om tot ware gebed te lei nie. Calvyn staan stil by Romeine. 8:26: *'Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.'*⁸⁰⁶ Ons sou kon vra wat het ons nog naas Christus nodig? Daarop antwoord Calvyn dat ons lewens in die donker bly totdat die Lig van die Gees ons verlig.⁸⁰⁷

8.1.3 God se vaderskap en gebed

Vanuit die Pneumatologie en Christologie word duidelik wat bedoel word met die gebod én belofte in verband met die gebed.

Calvyn is teoloog van die openbaring. Dit kom ook na vore in sy leer oor die gebed. Openbaring is egter nie gelyk te stel aan menslike gevoel of ervaring nie; openbaring het 'n spesifieke inhoud. Godskennis en mensekennis vorm die twee kante van Calvyn se groot teologiese tema.

Godskennis vorm die basis van gebed. Daarom dink en leer Calvyn oor gebed aan die hand van die 'Ons Vader'. Sy gebedsleer is 'n uitleg van die woord 'Vader'. In die *Institusie* van 1559 druk hy dit as volg uit: *'Onder die Naam Vader word daardie God aan ons voorgehou wat in sy beeld aan ons verskyn het sodat Hy met 'n vaste geloof aangeroop kan word.'*⁸⁰⁸ Die gebedshoofsuk in die *Institusie* begin met die woorde: *'Uit ons bespreking tot dusver kan ons duidelik sien hoe gebrekkig en sonder alle goeie dinge die mens is, sodat hy van alle hulpmiddels vir sy saligheid verstoek is.'*⁸⁰⁹ So verbind Calvyn sy gebedsleer met sy groot tema van Godskennis en mensekennis. Gebed ontspring uit die feit dat die mens homself volgens die wet leer ken as 'n sondaar, maar voor God as vrygespreekte.⁸¹⁰ Calvyn se gebedsleer fokus op die

⁸⁰⁵ Scholl, 74, verwys na die preek oor Luk. 1:5-10, die slot.

⁸⁰⁶ *Die Bybel Nuwe Vertaling*, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983. Afk. NAB.

⁸⁰⁷ 'that our thoughts nevertheless continue oppressed with darkness, until the Spirit guides them by his light.' (Com. Rom. 8:26)

⁸⁰⁸ *Inst.* III, 20, 40: 1138.

⁸⁰⁹ 'Uit ons bespreking tot dusver' (*hactenus*) verwys terug na alles wat voorafgaan naamlik die openbaring van God. (*Inst.* III, 20, 1: 1077)

⁸¹⁰ In 1539 verwys *hactenas* spesifiek na die voorsienigheids- en uitverkiesingsleer. In 1959 verwys dit na die regverdiging en Christelike vryheid.

openbaring en nie op filosofiese idees oor die openbaring nie. Daarom kan Calvyn vanuit die logika van die geloof 'n stelling maak soos:

*'Hy het gebed trouens nie ter wille van Hom nie, maar eerder ter wille van ons bestem. Dit is tewens sy wil – en tereg ook so – dat aan Hom gegee word wat Hom toekom, naamlik wanneer Hy as Gewer aanvaar word van alles wat die mens begeer en waarvan hulle voel dat hulle dit tot hulle voordeel vra en dit met hulle gebede bewys. Maar die voordeel van hierdie offer waardeur Hy geërbiedig word, keer na ons terug.'*⁸¹¹

In gebed word God se goedheid soveel te meer ervaar. Veral in die gedeelte wat die vier gebedsreëls afsluit in *Institusie* deel III, blyk duidelik dat gebed saamgaan met 'n ervaring van God se genade. Juis in hierdie gedeelte word God se heilstoewending tot die mens onderstreep. Gebed is nie 'n saak wat pas in een of ander sisteem nie; gebed word beoefen deur 'n mens wat geraak is deur Gods goedheid. *'Dit is inderdaad 'n geheime en verborge filosofie wat nie uit sillogismes opgediep kan word nie, maar diegene wie se oë God oopgemaak het, leer dit sodat hulle in sy lig die lig kan sien.'*⁸¹²

In die laaste instansie is Calvyn se gebedsleer gegrond in God se heilstoewending. Los van Gods openbaring in Christus is daar nie sprake van gebed nie. Die lig van God se openbaring belig ook die donkerheid van die mens, dit is egter nie van die openbaring van God se heil te skei nie. Die verlorenheid van die mens sien Calvyn nie as 'n moralistiese oordeel nie, wel 'n openbaringsteologiese oordeel. Calvyn se teenkating teen die gedagte van die mens se vrye wil is juis daarop gemik om die grootheid van God se genade duideliker te onderstreep.⁸¹³

Ook hierdie 'ander' voorveronderstelling vir gebed, hierdie 'menslike' kant van sondigheid interpreteer Calvyn aan die hand van die gelykenis van die verlore seun. In die lig van God se Vaderskap, kom die mens tot 'n besef van sy eie sondigheid.⁸¹⁴ Hierdie besef is geen

⁸¹¹ *Inst.* III, 20, 3: 1079.

⁸¹² *Inst.* III, 20, 1: 1077; vgl. Ps 36:10 OC 31:363) 'Das Gebet ist nicht Sache eines Systems, sondern der von der Offenbarung getroffenen Existenz.' (Scholl 1968:32) 'We learn from this that true godliness springs from the knowledge of God, and again, that the light of faith must necessarily dispose us to uprightness of heart. At the same time, we ought always to bear in mind, that we only know God aright when we render to him the honour to which he is entitled; that is, when we place entire confidence in him.' (*Com* Ps 36:10)

⁸¹³ 'Laat ander maar soveel as hulle wil, vertrou op die eie vermoë en kragte van hulle vrye oordeel wat hulle, soos dit vir hulle lyk, uit hulleself het. Vir ons sou dit voldoende wees om in God se krag alleen staande te bly en sterk te wees.' (*Inst.* III, 20, 46: 1150)

⁸¹⁴ 'Hy skilder en beeld hierdie oorvloed van vaderlike vriendelikheid in 'n gelykenis soos volg uit: Toe 'n seun van sy vader vervreem geraak, sy eiendom losbandig verkwis en op elke moontlike wyse swaar teen hom gesondig het, omhels sy vader hom nogtans met ope arms. En hy wag nie totdat hy hom om vergifnis vra nie, maar hy spring hom voor. Toe hy terugkeer herken hy hom van ver af; hy hardloop hom tegemoet; hy troos hom en neem hom in genade aan. Wanneer hy trouens hierdie voorbeeld van so 'n groot goedertierenheid wat in die geval van 'n mens gesien kan word aan ons voorhou, was dit sy wil om ons te leer hoeveel oorvloediger ons dit van Hom moet verwag, nie alleen omdat hy 'Ons Vader' is nie maar verreweg die heel beste en genadigste van alle vaders, as ons ons maar net op sy goedertierenheid beroep en spyte daarvan dat ons ondankbare, wederstrewige en slegte kinders is...[D]it is net asof ons soos volg met Hom praat: 'Vader, U wat so 'n groot liefde teenoor U kinders het, so 'n groot geneetheid om hulle te vergewe, ons, u kinders, roep U aan en bid tot U, en ons is vas en seker daarvan oortuig dat U geen ander

intellektualistiese wete nie, maar ‘n diep eksistensiële kennis. ‘*Al sou ons sake trouens na ons hartewens verloop en stof tot blydschap ons van alle kante omring, is daar nogtans nie een enkele tydstep waarop ons hulpeloosheid ons nie maan om te bid nie.*’⁸¹⁵

Hierdie gebed op grond van openbaring as Godskennis en selfkennis, het die gevolg dat nie anders as in geloof én boete geantwoord word nie. Waar geloof en boete ontbreek word die Naam van God ontheilig.⁸¹⁶

Met die gelykenis van die verlore seun as *gelykenis* sê Calvin gebedsleer bly *gebedsleer*. Deur middel van hierdie gelykenis word die eksistensiële aard van ons selfkennis en Godskennis onderstreep. Hierdie gelykenis bring ons volgens Calvin by die kern van gebed en ook by die kernsaak van die teologie. Soos Scholl dit stel: ‘*vor der sich in Selbst- und Gottserkenntnis brechenden coincidentia oppositorum, von der nicht direkt gesprochen werden kann.*’⁸¹⁷

Met die openbaringsteologiese voorveronderstellings is die kommunikasie dimensie van gebed nog nie genoegsaam belig nie. Die ‘gebed’ is nodig, anders sou die kommunikatiewe dimensie homself ook in ‘n mistieke eenwording, of in ‘n daad-geloof kon realiseer. Openbaringsteologie is terselfdertyd Skrifteologie, vandaar die ‘gebed’.⁸¹⁸ Volgens die Skrif neem die aanroep van God die eerste plek in die Godsverering in. Dat God gebed beveel, staan vas.

Hierdie ‘gebed’ spruit egter nie uit ‘n eensydige beklemtoning van God se almag nie.⁸¹⁹ Calvin verbind die ‘gebed’ altyd aan God se beloftes. Meer nog as God se ‘gebed’ leef die gebed van God se beloftes.⁸²⁰ Die ‘gebed’ op sy eie sou die mens laat terugsteier voor God se almag, daarom herinner die psalmdigters telkens aan God se goedheid.⁸²¹

In die laaste uitgawe van die *Institusie* word ‘belofte’ en ‘gebed’ as die dryfkrag agter ware gebed behandel in samehang met die 4de gebedsreël. Daarmee word die *scopus* van die

gesindheid jeens ons koester as u vaderlike goedertierenheid nie hoewel ons nie so ‘n Vader waardig is nie.’ (*Inst.* III, 20, 37, 1135) Hierdie is ‘n sentrale gedeelte in die *Institusie* wat reeds van 1536 uitgawe dateer.

⁸¹⁵ *Inst.* III, 3, 20, 7, 1086. Dis geen antropologies-psigologiese oordeel nie, maar ‘n teologiese. Met ander woorde as uitdrukking van die mens in relasie tot God. Scholl toon aan hoe die woorde waarmee Calvin sy preke afsluit oor die jare verander het. ‘Dieser heiligen Lehre folgend lasst uns niederfallen vor dem Angesicht unseres lieben Gottes.’ Die woord *prosterner* bly dieselfde. Dit beteken die buig voor God in ware selfkennis. Dit beteken Calvin se kennisbegrip is ‘n eksistensiële kennis. Calvin gaan in sy gebed nie uit van ‘n Godsbegrip nie, maar van ‘n eksistensiële kennis. (Scholl 1968:34)

⁸¹⁶ ‘Wo aber Glaube und Busse fehlen, da sehen wir den Namen Gottes entheiligt, auch wenn wir viele Gebete verfassen und darbringen.’ Scholl, 34, haal aan uit C.O. 41, 150 oor Dan 9:13.

⁸¹⁷ Scholl 1968:35.

⁸¹⁸ ‘Omdat daar egter nie een van die pligte van godsvrug is wat die Skrif meer dikwels aanprys nie, is daar geen rede dat ek my langer hiermee besig hou nie.’ (*Inst.* III, 20,13, 1095). Calvin meld sorgvuldig die Skrifgedeeltes waar hierdie gebed voorkom, veral in die bergrede.

⁸¹⁹ Daar is nie by Calvin teenoor Luther ‘n eensydige klem op God se almag nie. Sien Heiler se standpunt. (Heiler 1969:4)

⁸²⁰ Sien III, 20, 13, 14 waar die gebed deur die belofte omraam word. ‘Hoewel almal trouens erken dat die gebed gehoorsaam moet word, sou baie mense nogtans wegvlug wanneer God hulle roep tensy Hy belowe dat Hy lankmoedig sal wees en hulle so te hulp sal kom.’ (*Inst.* III, 20, 13: 1096)

⁸²¹ ‘Daarom is dit allermins oorbodig om in ‘n gebed oor God se natuur en sy Woord na te dink.’ (*Inst.* III, 20, 13: 1097)

gebedsreëls duidelik. Die 4de gebedsreël handel oor ‘vrymoedige’ gebed. Ware gebed is seker van verhooring. Gebed is ‘n aktiwiteit van die mens self en tog beklemtoon Calvyn dit wat God doen; daarom die klem op die ‘beloftes’ van God. Hiermee haal Calvyn ook gebed uit die verdienste-denke van die Middeleeue. Gebed gaan daarvoor om die eer aan God te gee en juis daarin vind die mens se gewete rus. Waar Calvyn oor God se ‘beloftes’ praat, duik die polemieë met die Rooms-Katolieke kerk telkens op.⁸²² Die ‘gebod’ en ‘belofte’ skep die ruimte waarin gebed nie alleen moontlik is nie, maar werklik geskied.

Om van ‘gebod’ en ‘belofte’ te praat is nog te abstrak. God se ‘gebod’ en ‘belofte’ het ‘n konkrete gesig aangeneem. Vanuit Jesus Christus kry die ‘gebod’ en ‘belofte’ tot gebed ‘n gesig waar gebed nie alleen beveel word nie, maar ook moontlik gemaak word. Eintlik wys die dinamika van ‘gebod’ en ‘belofte’ heen na die Pneumatologiese aspek van Calvyn se gebedsleer. Die Heilige Gees is die *pneuma* van Christus, wat Christus nie *otiosus*, ‘vryblywend’ laat nie; anders gestel: die Woord wat van God uitgaan in ‘gebod’ en ‘belofte’ bly nie sonder vrug nie, maar gee aanleiding tot gebed: God se Woord skep, dit bring tot stand.

8.1.4 Uitverkiesing, voorsienigheid en gebed

Calvyn staan bekend as die teoloog van die ‘uitverkiesing’, as teoloog van die ‘dubbele uitverkiesing’. Tog kan juis sy gebedsleer meer lig hierop werp.⁸²³ Volgens Scholl fokus Calvyn in sy gebede op die verkiesing tot heil juis omdat hy gebed sien as aanvang van die etiek en as die maatstaf van die tweede tafel van die wet. Die implikasie hiervan is dat die Christen sy naaste as ewebeeld van God sal sien.⁸²⁴ Vandaar word voorbidding die etiese grondhandeling. Calvyn stel geen grense aan voorbidding nie.

Die lig wat vanuit die gebedsleer op die uitverkiesingsleer val, is nie dat dit hierdie leerstuk verflou of korrigeer nie, wel dat die eintlike doel van hierdie leerstuk na vore kom naamlik die etiek.⁸²⁵ Calvyn werk die leerstuk van die uitverkiesing uit as deel van die tema van die tweede geslag van die reformasie. ‘n Evangeliese etiek beteken nie ‘n starre skeppingsorde en stande orde, waar onderskeid getref word tussen uitverkorenes en verworpenes nie, maar vra na die lewensvatbaarheid van ‘n evangeliese geloof; ‘n geloof wat nie sonder verantwoordelike dade is nie. Met behulp van die uitverkiesingsleer poog Calvyn om God se genade af te skerm van ‘n

⁸²² Verwys na sy preek oor 2 Sam. 7:27.

⁸²³ Maurer is van mening dat daar niks van ‘n dubbele uitverkiesingsleer in Calvyn se gebedsleer na vore kom nie. Daar is slegs sprake van die uitverkiesing tot heil in Calvyn se gebedsinhoud. ‘The gospel has only one purpose: the salvation off all without exception.’ (Maurer 1959:192) Volgens hom kry die intellek die oorhand wanneer dit by die uitverkiesingsleer kom. Hy tref die onderskeid tussen die denkende kop en biddende hart by Calvyn.

⁸²⁴ Daarom kom in gebed, as etiese *Grundakt* die onbegrensde voorbede ‘Men bless each other by prayer.’ (*Com. Ef. 1:3*) So ook in die ‘Ons Vader’ uitleg sê Calvyn dat ons in die gebed alle mens tot hulp kan wees.

⁸²⁵ Wanneer Calvyn die uitverkiesingsleer uitbou is dit in aansluiting by die tema van die tweede geslag van die reformasie, die etiek. (Scholl 1968:125)

wettiese beskouing. Enige gedagte van verdienste word uitgesluit en die etiek word streng verstaan vanuit die gemeenskap met Christus. Op hierdie pad van die geloof bied die uitverkiesingsleer aan strydende en vallende Christenmense geloofsekerheid van die verkiesing.⁸²⁶ Indirek dra die uitverkiesingsleer dus die etiek en maak gebed moontlik.⁸²⁷ Dit beteken nie dat die uitverkorene in sy verkiesing mag roem nie. Calvyn ken geen besondere etiek vir uitverkorenes nie, want daar is geen klasse in sy teologie nie; in gebed bly die Christen aangewese op God se beloftes.⁸²⁸

Gebed bring dus indirek die etiese aspek van Calvyn se uitverkiesingsleer na vore. Sy uitverkiesingsleer staan nie teenoor die liefdesgebed nie. Die uitverkiesingsleer speel dus nie 'n direkte rol in die verstaan van sy gebede nie.⁸²⁹

Met behulp van die 'dubbele uitverkiesingsleer' poog Calvyn om die vryheid van God te onderstreep. Die gedagte van verwerping beklemtoon die wonder van die geloof. Daar is geen oorgang van ongeloof na geloof; van biddeloosheid tot gebed sonder 'n wonder van God nie.⁸³⁰

Calvyn verbind gebed nouer aan die etiek as aan die uitverkiesingsleer. Gebed is *Urbild* of voorloper van etiese handeling. As voorbidding is gebed 'n ontdekking van die naaste. Indirek is gebed uitvloei van die *electio*. *Institutie* III, 20 verwys inhoudelik nie na III, 21 ev. nie, daarom beheers die uitverkiesingsleer nie die gebedsleer nie; die gebedsleer vorm wel 'n aanloop tot die uitverkiesingsleer. Waar die gebedsleer fokus op menslike betrokkenheid, is die *scopus*

⁸²⁶ Dat die uitverkiesing nie aanleiding gee tot selfingenomenheid nie. 'want daar is niemand te vind wat nie nog ver daarvan af weg is nie.' (*Inst.* III, 6, 5: 881) en 'Maar as ons in Hom uitverkies is, sal ons in ons geen sekerheid oor ons uitverkiesing vind nie en selfs ook nie eens in God die Vader as ons Hom alleen en sonder die Seun voorstel nie. Christus is dus die spieël waarin ons ons uitverkiesing behoort te aanskou en waarin ons dit ook sonder misleiding mag doen. (*Inst.* III, 24, 5: 1219)

⁸²⁷ 'In die praktyk behoort hierdie leer ook in ons gebede te geld' (*ibid*)

⁸²⁸ 'Want hoewel die geloof in ons uitverkiesing ons besiel om God aan te roep, sou dit nogtans voorbarig wees om, wanneer ons gebede bedink, die uitverkiesing aan God op te dring of onder hierdie voorwaarde 'n ooreenkoms met Hom te bereik: "O Here, as ek uitverkies is, verhoor dan". Dit is trouens sy wil dat ons met sy beloftes tevrede moet wees.' (*Inst.* III, 24, 5: 1219-1220)

⁸²⁹ Scholl 1968:126.

⁸³⁰ 'Wie die Berufung in der vorgängigen Erwählung und Verheißung gründet, so ist sie auf die andere Seite ausgerichtet und öffnen für die Bewahrung, Vollendung und ewige Verherrlichung des Menschen ... [E]r bedarf daher sowohl der Erinnerung an Gottes Gnadenwahl als auch der Erwartung der Treue, mit der Gott seine Verheißung erfüllt, und des Vertrauens auf Gottes Zuverlässigkeit. Die *prae-destinatio* hat zum Inhalt die *adoptio* und die *haereditas vitae futurae* (Rom 8:17, Ef 1:11 ev.) Für Calvin ergibt sich aus diesem fundamentalen Zusammenhang zwischen *electio* und *haereditas vitae futurae* die eigentliche Heilsgewissheit und Zuversicht des Glaubens. (*Com* Rom 8:17) ... [D]iese eschatologische Seite der Post-Destination des Glaubens ist an Calvins Prädestinationslehre viel zu wenig beachtet werden. Sie findet ihren klaren Ausdruck in Calvins Lehre "de perseverantia sanctorum", in der die Eigentliche Kerygmatische Spitze seiner Prädestinationslehre greifbar wird, ...[In] der Perseveranzlehre haben wir nichts weniger als die andere Seite der Prädestinationslehre Calvins vor uns. Seine (Calvins) Prädestinationslehre bleibt Missverständnisse ausgesetzt, solange nicht ihre Wendung in der Erwählungslehre zur *perseverantia fidei* und in der Verwerfungslehre zum Verständnis der Apostasie, zur *perseverantia incredulitatis* beachtet wird.' Moltmann, J 1961. *Prädestination und Perseveranz*, Neukirchen, 34-51.

van die uitverkiesingsleer God self, in die vryheid en geheimenis van sy genade. Daar moet dus versigtig gekyk word na die verbande tussen gebed, uitverkiesing en etiek.⁸³¹

Die eintlike probleem lê in die verband tussen gebed en die voorsienigheidsleer. Calvyn stel dikwels die vraag of gebed nie vanweë 'n kragtige voorsienigheidsleer 'stil' word nie.⁸³² Calvyn se voorsienigheidsleer is buitengewoon kragtig en daarom kom hierdie vrae so sterk na vore.⁸³³

Hierdie vraag bring die geloof by die afgrond van onverhoorde gebede en maak van gebed 'n saak van aanvegtinge. Calvyn se antwoord hierop is dat God gebed juis om ons ontwil gebied. 'n Lewe tot eer van God, die ganse etiek gaan verlore, indien die gebed en voorbidding sou ophou. Gebed raak nie 'stil' vanweë die problematiek van die voorsienigheidsleer nie, want die voorsienigheidsgeloof is by Calvyn nooit gelyk te stel aan 'n Stoïsinse noodlotsgeloof nie.

Die vraag na onverhoorde gebede word juis deur Calvyn vanuit die voorsienigheidsleer beantwoord. Gebed geskied nie op grond van 'n eie verdienste of enige reg wat die bidder toekom nie, maar enkel en alleen op grond van God se beloftes; gebed geskied as daad van vertrouwe in God se beloftes.⁸³⁴ Calvyn vind die weg tot gebed in die voorbeeld van Jesus Christus se gebed in Getsemané, asook die derde bede van die 'Ons Vader'. Daaruit blyk duidelik God se wil is geen vreemde wil nie, God se wil is sy heilswil, altyd tot ons beswil, al is dit nie altyd vir ons duidelik nie.⁸³⁵ Hierdie wete gee ons die vrymoedigheid om in gebed te volhard.

God se 'heilswil' is nie sonder meer oop en duidelik nie, dit moet in geloof en gebed gesoek en dieper deurgrond word.⁸³⁶ Dit vra gebedsvolharding. Volharding is volgens Calvyn die oplossing wanneer gebed te staan kom voor die grense van onbeantwoorde gebede.⁸³⁷ Onbeantwoorde gebede is alleen verstaanbaar wanneer die vraag na die verband tussen gebed en voorsienigheid in 'n 'openbaringsteologiese' lig beskou word. Jesus Christus openbaar die heilswil van God en stel in staat om in vryheid en volhardend te bid. Juis Jesus Christus as die groot verworpene wys in sy eie aanvegtinge dieptes van onverhoorde gebed; 'n afgrond in die lig waarvan filosofiese

⁸³¹ 'Hierdie wysheid sal ons van baie strikke vrywaar as ons weet hoe om dit wat reg geskrywe is, reg toe te pas. Laat ons egter nie iets wat binne perke gehou moes word, heen en weer rond sleep nie.' (*Inst.* III, 24, 5: 1220) Waar die uitverkiesingsleer fokus op die vrymag van God in sy genade; wys gebed op die handelinge van mense. Die uitverkiesingsleer beheers dus nie die gebed nie, maar kan gesien word as 'n finale aanmoediging tot gebed.

⁸³² "'Maar", sal iemand opmerk, "weet God dan nie sonder om daaraan herinner te word, sowel in watter opsig ons gekwel asook wat in ons belang is sodat dit in 'n sekere sin oorbodig kan lyk dat Hy deur ons gebede opgewek hoef te word net asof Hy insluimer of selfs aan die slaap is totdat Hy deur ons stem wakker gemaak word.' (*Inst.* III, 20, 3: 1079)

⁸³³ III, 20, 50-52; sien veral sy preek oor 2 Sam 12:16 oor Dawid se gebed vir sy kind by Batseba. Blyk duidelike die gebed is 'n saak van aanvegting.

⁸³⁴ 'Dit is trouens sy wil dat ons met sy beloftes tevrede moet wees en nie van elders af moet vra of Hy vir ons genaakbaar sal wees nie.' (*Inst.* III, 24, 5: 1220)

⁸³⁵ Sien Calvyn se preek oor 2 Sam. 12:16.

⁸³⁶ Calvyn verwys na die verhaal van Abraham en sy volk en hoedat God se volk in sy wil moes inwy. '... but because all things seem to happen by chance, the Lord illuminates his own children by his word, lest they should become blind, with the unbelievers.' (*Com. Gen.* 18:18)

⁸³⁷ Calvyn se hele preek oor 2 Sam 12 is hier van toepassing. Veral wat die pastorale betekenis betref.

aantygings teen gebed heel oppervlakkig is. Calvyn erken dus die probleem van onverhoorde gebede. Sy antwoord daarop is volharding, nie as 'n Stoïsynse houding van aanvaarding en berusting nie, maar as houding van Christelike geduld. Dit beteken die vryheid om met enige probleem, veral ook die skynbaar onoplosbare probleem van die bose, na God te gaan. Hierdie geduld in gebed is die geheim van die opgestane Here Jesus Christus as eersgeborene onder vele broers en susters, wat tans stry teen die bose, tog nie sonder hoop nie.⁸³⁸

'n Meer openbaringsteologiese benadering tot die uitverkiesingsleer bied sekere moontlikhede ten opsigte van die teologiese gehalte van die gebed.⁸³⁹ Hier word spesifiek verwys na die histories-eskatologiese dimensies van die uitverkiesingsleer. In die uitverkiesing word die klem dikwels geplaas op 'n afgehandelde gebeure in die verlede. Calvyn rig ook ons aandag op die verhaal van Israel en die voleinding. Ten spyte van Israel se verharding en ongeloof, bly staan God se beloftes en trou. God se beloftes is gerig op die voleinding, die *haereditas futurae vitae*.⁸⁴⁰ Deur alles heen loop die goue draad van die *promissio*, beginnende in God se ewige raadsbesluit, die verkiesing van Israel en die verkiesing van die gelowiges van die Nuwe Testament in Jesus Christus wat uiteindelik uitloop in die voleinding. Hierdie belofte bied hoop vir elke mens.⁸⁴¹

Gebed is, as deel van 'n gesprek, die mens se antwoord op God se Woord, die aanvaarding van hierdie *promissio*. Deur gebed word die mens deel van hierdie goddelike verhaal van verkiesing, beginnende in God se raad wat uitloop op die voleinding.⁸⁴² Ook hierin word die Skrifgebondenheid van Calvyn se denke duidelik. Gebed as mensewoorde is ook Gods Woord. Skrifgetroue gebed is gebed waar God en mens werklik ontmoet. Daar is egter 'n voorbehoud. Dit geskied binne 'n eskatologiese spanning, soos in Romeine 8 na vore kom. Die volharding in gebed is alleen moontlik as deelname aan die geskiedenis van belofte wat berus in dit wat God in

⁸³⁸ Die hoop en daarmee saam die eskatologiese moment is belangrik t.o.v. Calvyn se geloofsbegrip. Ook t.o.v. die verstaan van gebed. Calvyn se gebede met sy Christologiese en eskatologiese taal maak duidelik die verbondenheid van voorsienigheids- en heilsleer en maan ons om in die voorsienigheids- en uitverkiesingsleer nie soseer te fokus op die 'vooraf' as die einddoel. In die voorsienigheidsgeloof en uitverkiesing gaan dit nie om 'n statiese ruimte nie, maar word elke ruimte gestel onder die God en Vader van Jesus Christus. Dit word onderstreep deur die eenheid in Calvyn se Godsbegrip. Dit kom na vore in sy gebedsleer en gebedspraktyk. (Scholl 1968: 131 n 192) 'Die aard van die geloof kan klaarblyklik nie beter of duideliker verklaar word as uit die wese van God se belofte nie.' (*Inst.* III, 2, 41: 763)

⁸³⁹ Scholl verwys na die werk van P. Jacobs, *Prädestination und Verantwortlichkeit bei Calvin*, 20-41; waarin hy verwys na 'n spekulatiewe benadering, 'n religieuse benadering en 'n nuwer openbaringsteologiese benadering. (Scholl 1968:132)

⁸⁴⁰ Moltmann meen dat hierdie eskatologiese dimensie van Calvyn se uitverkiesingsleer te min aandag gekry het. Dit kom na vore in Calvyn se leer van die '*de perseverantia sanctorum*' waarin die eintlik kerugmatiese klem van sy verkiesingsleer sigbaar word. Scholl, 132, verwys na J. Moltmann, *Prädestination und Perseveranz*, 34.

⁸⁴¹ 'We ought to pray that this man, and that man, and every man, may be saved, and thus include the whole human race, because we cannot yet distinguish the elect from the reprobate ...' (*Com. Joh 17:9*)

⁸⁴² 'Wie aber das im Glauben gesetzlich christliche Leben rückwärts schauend seinen Grund allein in Gottes ewiger Erwählung hat, so richtet sich der Blick zugleich vorwärts auf die Auferstehung zum ewigen Leben, also die ebenso unbegreifliche, krönende Tat Gottes.' Scholl verwys na P. Barth, RGG, 2 uitgawe, I Sp. 1433, '*Calvin*'. (Scholl 1968:133)

Christus reeds gedoen het en nog in die toekoms gaan doen. Sonder hierdie eskatologiese dimensie sou gebed verhard tot 'n Stoïsynse stameling in die lig van die bose en 'n menslike onmoontlikheid word.⁸⁴³

Die eskatologie maak gebed die gesprek van pelgrims in afwagting op hulle eintlike bestemming. Gebed is daarom die *Urakt* van die etiek; gelei en beheers deur die toekoms wat God moontlik maak. Ten spyte van die gesindheid van boetedoening, geskied gebed nooit in moedeloosheid nie.⁸⁴⁴ Gebed word 'heilshistories-eskatologies' gevorm en verander die denke van die mens.⁸⁴⁵ Gebed is dus by Calvyn nie los te sien van die geweldige spanning van die eskatologie nie. Daarmee saam is die individuele bidder ook lid van die Godsvolk. Die hoop waarin gebed geskied is meer as 'n individuele hoop op verlossing.

⁸⁴³ Volgens Calvyn is die etiek van die Stoïsyne onmenslik.

⁸⁴⁴ 'moet ons nie aarsel om die koms van die Here nie alleen in ons gebede nie maar ook met versugtinge en hartstogtelik as die gelukkigste gebeurtenis van almal te begeer nie.' (*Inst.* III, 9, 5: 917)

⁸⁴⁵ Die vraag is in hoeverre Calvyn se denke Bybels eskatologies is. Lê die klem nie te veel op die individu nie. Die ewige bestemming skyn met die dood bereik te wees. Tog het hierdie sterwe alleen sin vanuit die tweede koms van Christus. Calvyn wys in sy eksegeese ook op bowe individuele van die askatologiese verwagting. Calvyn lê veral klem op die opstandigsliggaam. Vanuit die opstanding kry Calvyn se doodsverlange sy lig en nie omgekeerd nie. Die opstanding is die kern van Bybelse eskatologie. 'Aber ebenso wahr ist, daß die Botschaft der Bibel diese Denkvoraussetzungen durchbrochen hat.' (Niesel 1957:151)